

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-05-11

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 215

(Bladsye 11 327 - 11 391)

HOF HERVAT OP 11 MEI 1987.

SEKWATI JOHN MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Is al die beskuldigdes teenwoordig?

MNR. HANEKOM : Hulle is almal teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Mokoena, ons was besig met BEWYSSTUK AT7(D). Sal u dit net weer voor u kry? -- Ja, ek het dit.

Ons het Vrydag die probleme wat u daar genotuleer het bespreek. Ons het opgehou by die eerste probleem oor die "harassment"? -- Ja, dit is so. (10)

Wat is bespreek onder punt 2 oor "finance problems and resources"?

HOF : Net 'n oomblik. Daar staan nie "finance problems and resources" nie. Dit wil voorkom asof dit "Finance problems" is met 'n dubbelpunt "Resources."

MNR. HANEKOM : Kan u net dit verduidelik, asseblief? -- Wat bespreek was onder daardie punt was dat omdat daar geen ander maniere was, dit wil sê die "resource" was vir die organisasies om geld te bekom nie, sal dit van die organisasie afhang wat die organisasie besluit het hoe om geld te maak, dit wil sê 'n "resource" van geld te maak vir die betrokke organisasie. (20)

En wat is bespreek, wat se bronne was daar beskikbaar vir die organisasies? -- Daar was niks pertinent bespreek oor die bronne van die geld nie, maar wat wel gesê was was dat die organisasies self sal besluit hoe om geld in te samel.

Is daar nie bespreek dat daar finansiële hulp van ander organisasies gekry moes word nie? -- Nee.

Wat was die bronne wat u in u eie organisasie, die jeug-organisasie wat u en Ace Blaai op die been wou bring, hoe (30)

sou/...

sou julle geld bymekaar kry? -- Dit was nog nie bespreek nie.

Die derde punt op AT7(D) lees "Oppressors environment".  
Wat is daaronder bespreek? -- Wat ek onthou wat bespreek was omtrent daardie punt is dat die jeug sowel as die inwoners van verskillende gebiede waar hulle woon word dikwels met klopjagte bemoei met die polisie vir die permissie om daar te woon.

Wat is in daardie verband bespreek? Hoe raak die probleem die organisasie en wat is die oplossing daarvoor?  
-- Dit was net genoem as een van die probleme wat die jeug(10) ondervind.

Het u persoonlik ondervinding gehad van sulke probleme?  
-- Ek het al vroeër verduidelik dat as gevolg van die feit dat daar nie 'n permit vir my ouers was om in Sharpeville te woon nie, moes hulle getrek het om by Evaton te gaan woon.

Maar het u ondervind dat die organisasie, dat enige organisasie waaraan u verbonde was die probleem gehad het?  
-- Ek was daarvan bewus dat sulke klopjagte in Boipatong uitgevoer word.

HOF : Is dit nou op individue of op organisasies? -- Op (20) inwoners, nie die organisasies nie.

MNR. HANEKOM : Het u enige persoonlike ondervinding gehad van sulke klopjagte op organisasies? -- Sulke klopjagte gemik op die organisasies?

Ja? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het enige van die ander persone tydens die bespreking van die punt gevalle genoem waar die organisasies hierdie probleem ondervind het? -- Toe hierdie punt bespreek was, het ek verstaan dat daar gesê word dit is klopjagte wat teen die inwoners uitgevoer word en dit raak die jeug ook in die (30)

sin/...

sin dat die jeug 'n gedeelte vorm van die inwoners.

Is daar enige spesifieke gevalle genoem of was dit net in die algemeen bespreek? -- Dit was oor die algemeen genoem.

Watter probleme het die jeug ondervind met betrekking tot "education and training"? -- Dit was bespreek onder hierdie omstandighede dat dit gesê was dat onderwys en opleiding sal nodig wees om die jeug opleiding te gee dat hulle aangemoedig word om "skills" op te maak vir doeleindes van die organisasies, hoe om organisasies te behartig.

HOF : Met ander woorde, hoe om vir 'n vereniging te organiseer? -- Ek het dit so verstaan dat die jeug die nodige kennis moet opmaak in hierdie onderwys en opleiding dat hulle kan weet dat as daar gepraat word van 'n voorsitter wat eintlik van 'n voorsitter verwag word wat die pligte is van 'n voorsitter.

MNR. HANEKOM : Is die "education and training" wat daar onder punt 4 bespreek is - slaan dit nie op die volgende paragraaf nie, daar na punt 7 is 'n streep getrek. Dan begin dit weer met punt 1 "Harassment". Sien u dit? -- Ja, ek sien dit. (20)

Dan is punt A daar "educating and training the members to be prepared for it." -- Ja, ek sien dit, maar dit het niks te doene gehad met die punt wat ons nou net bespreek het onder onderwys en opleiding nie.

Goed, ons sal terugkom daarnatoe. Wat was die probleem van die jeug met betrekking tot "stable membership"? -- Daaronder wat bespreek was, is dat baie organisasies verloor lede .

En wat is bespreek, hoe moes dit opgelos word? -- Die voorstel om dit opgelos te kry was dat die verantwoordelikheid(30 van/...

van 'n organisasie deur al die lede sal gedoen moet word.

Dit wil sê almal sal verantwoordelik gehou word in 'n organisasie.

Hoe sou dit reggekry word? Hoe sou dit bewerkstellig word? -- Die verdere voorstel was dat die organisasie sal sy eie diskresie gebruik met die instelling van komitees by verskillende plekke. Dit hang van die organisasie af wat die organisasie besluit het.

Is dit die sub-komitees wat so in die middel van die bladsy aangestip is? -- Dit is die sub-komitees wat na (10) verwys was as 'n voorbeeld.

Laat ons net kyk na die sub-komitees. Die eerste een daar onder (a) is "distribution committees". Wat se komitee was dit? Wat was die funksie van so 'n komitee? -- Ek het verstaan dat daardie komitee sal te doene hê met die verspreiding van dokumente, hetsy pamflette of watter dokumente dit ook al is, waarop 'n besluit geneem was deur die organisasie dat dit versprei moet word. Daardie komitee sou verantwoordelik gewees het daarvoor.

En die "education" komitee, wat sou sy funksies wees? (20) -- Wat ek daaronder verstaan het was dat hierdie komitee verantwoordelik sal wees vir enige onderwys wat uitgevoer moet word teenoor die lede waarop die organisasie self besluit het dat sulke onderwys uitgevoer moet word.

En waar sou die mense van die komitee wat die opleiding moet gee opgelei word om hierdie opleiding te kan gee? Waar moet hulle hulle kennis kry? -- Dit sou lede gewees het van hierdie organisasie wat sekere ondervinding het op sekere vlakke wat dan sou gekies word om hierdie tipe onderwys te gee. (30)

Daar/...

Daar is ook n "fund raising" en n "social and finance" komitee. Dit kan ons uitlaat. Dan is daar n "funeral brigade" komitee. Wat was daaronder bespreek? -- Wat ek daaronder verstaan het was dat dit het betrekking gehad op die orkeste van die Swartwoonbuurtes wat gewoonweg liedere gespeel het in hierdie musiek. Dus sou dit bekom word indien nodig om sulke musiek te gaan speel. Byvoorbeeld, ek dra kennis van so n orkes te Sharpeville wat bekend staan as die Salvation Army orkes wat dan hierdie tipe musiek speel.

Het die orkes wat u van kennis dra opgetree by begraf- (10) nisse? -- Nie net hierdie orkes wat ek van gepraat het nie. Ek dra kennis van nog ander orkeste wat alreeds teenwoordig was met die leiding van die stoet by begrafnisse.

Maak die orkeste deel uit van jeugorganisasies? Is dit spesifieke jeugorganisasies wat sulke orkeste uitmaak? -- Daar is van die jeug betrokke in hierdie orkeste.

HOF : Nee, maar dit is nie die vraag nie. Is die orkeste deel van jeugorganisasies? -- Die voorstel hier was dat die jeugorganisasies indien moontlik sulke orkeste sal stig.

MNR. HANEKOM : En wat sal die orkeste se funksies wees by (20) n begrafnis? -- Om die stoet te lei na die begraafplaas toe.

By watter tipe begrafnisse sou die "funeral brigade" optree? -- By enige begrafnis wat daar in die omgewing is waar hulle woon, dat die jeug ook kan deel bydra by begrafnisse van inwoners.

Was dit nie meer spesifiek bespreek dat dit sou plaasvind by begrafnisse van lede van die jeugorganisasies wat begrawe is nie? -- Nee.

Sou deel van die brigade se funksies nie wees om ook n rol te speel in die reëling van die begrafnis nie, die (30)

program/...

program wat daar gevolg word by die begrafnis? -- Ek is nie duidelik nie. Wat is die vraag eintlik?

Is dit nie ook bespreek tydens die bespreking onder hierdie punt nie? Dat die brigade eintlik verantwoordelik sou wees vir die reëling van die hele program by die begrafnis nie? Veral waar lede van die organisasies begrawe word? -- Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan het nie. Ook nie hoe dit bespreek was nie.

HOF : Maar ons is nou besig met Januarie 1984. Was begrafnisse 'n faktor in daardie tyd? Iets wat van belang was? (10)

-- Wat ek verstaan het is dat met die stigting van die subkomitees was die bedoeling daarvan dat die jeug iets doen. Hulle moet nie net baie lede wees van die organisasie en dan terselfdertyd sit en niks doen nie. Hulle moet aan iets gehou word waar hulle besig gaan wees. Dit is wat ek verstaan het.

MNR. HANEKOM : Het u na die konferensie in Januarie 1984 ooit bewus geword van die bestaan van so 'n "funeral brigade" in die Vaal Driehoek? -- Nee.

Was u bewus van die begrafnis van Joseph Sithole wat (20) op 23 September 1984 plaasgevind het in die Vaal Driehoek? -- Ek ken nie daardie persoon nie en op daardie tydstip was ek alreeds gearresteer.

Het u na 3 September 1984 se onluste in die Vaal Driehoek enige begrafnisse bygewoon? -- Nee.

MNR. TIP VRA VERLOF VIR BESKULDIGDES NRS. 17 EN 19 OM VERSKOOTTE WORD, AANGESIEN BEIDE DOKTERSAFSPRAKE HET.

MNR. HANEKOM : Onder punt H, daar staan 'n woord wat ek nie kan lees nie. Kan u ons help daarmee? Dit lyk na "Awareness". Is dit wat daar staan? -- Ek lees dit ook so. (30)

Wat/...

Wat beteken "Awareness committee"? -- Onder daardie punt het ek verstaan dat dit te doene het met die bewusmaak van die lede van die organisasie van sekere dinge wat goed gesien was deur die organisasie en daarop 'n besluit geneem het dat dit op 'n manier gedoen moet word of benader moet word, dan sou dit gedoen word.

Wat se dinge is bespreek? Watter sekere dinge moes die lede van die organisasie bewus van gemaak word? -- Hier was dit gesê dat dit van die organisasie afhang wat die organisasie goed gesien het om oorgedra te kry dat die lede (10) daarvan bewus moet word.

Ek het 'n bietjie probleme daarmee. Kan u die Hof help. As 'n mens 'n lid is van 'n organisasie en jy is gemoeid met die organisasie, dan weet jy tog waarmee die organisasie hom besig hou en wat sy doel is. Wat was die nodigheid van 'n "awareness" komitee? -- Ek het dit soos volg verstaan. Dat indien die organisasie, dit wil sê die komitee van die organisasie besluit het op iets en die komitee voel dat dit oorgedra moet word aan die lede, om die lede daarvan bewus te maak was daar toe besluit op 'n komitee op wie se (20) pligte dit sal wees.

Dit was die probleme wat oor lidmaatskap besluit is. As ons dan teruggaan bo aan die bladsy onder punt 6 is daar probleme bespreek oor 'n vergaderplek, oor "venues". Wat was die probleme wat die jeug daarmee ondervind het? -- Wat daaronder bespreek was is dat daar sekere plekke is, woonbuurtes waar die jeug nie vergaderplekke kan kry nie. Dus is dit dit wat bespreek was as sulke probleme. As gevolg daarvan was dit self aan die jeugorganisasie oorgelaat om verdere besluite te neem indien daar sulke probleme (30)

ondervind/...



ondervind word hoe hulle nou sal aangaan om hierdie probleem uit die weg te kry.

HOF : Is daar nie wenke aan die hand gedoen nie? -- Nee, daar is nie.

MNR. HANEKOM : Die laaste probleem van die jeug wat bespreek is volgens BEWYSSTUK AT7(D) is "unity on non-racial basis". Wat was die probleem daar? -- Wat ek verstaan het daaronder was dat dit nodig is vir die jeugorganisasies om "non-racial" te word sodat dit 'n samewerking kan uitvoer met ander rasse se jeugorganisasies. (10)

Dit het ook behels dat die lede van die organisasie van alle rasse moes wees? -- Ek is nie duidelik nie. Wat is die vraag?

Was die probleem net dat 'n organisasie van een ras moes skakel met 'n organisasie wat lede het van 'n ander ras of was die probleem dat die organisasies se lede self aan alle rasse moes behoort? -- Ek het daaronder die volgende verstaan, dat indien die jeugorganisasie gestig word by 'n area waar daar meer as een ras woon, dan sou dit afgehang het van daardie gestigte jeugorganisasie om 'n besluit te neem van die lid-(20) maatskap, of dit nou alle rasse daar teenwoordig aanvaar as lede of wat hulle besluit het.

HOF : Maar is daar nou nie standpunt ingeneem oor die onderwerp nie? -- Ek het verstaan dat dit eintlik baie aangemoedig word dat dit 'n "non-racial unity" moet wees.

Nou waarom was dit 'n "problem"? -- Dit was onder "problems" genoem omdat daar van die organisasies was wat eintlik nie presies geweet het hoe om dit te verduidelik aan die mense wat nou wou verstaan het presies wat die houding is met betrekking tot die lidmaatskap nie. Onder daardie (30)

omstandighede/...

omstandighede was dit nou onder hierdie "problem" geplaas.

Is dit nie 'n geval dat daar twee denkrigtings is nie. Die een is dié van Black Consciousness eksklusiwiteit en die ander is 'n ander denkrigting wat sê Non-Racialism? -- Nee, ek het dit nie so verstaan nie.

Dit is nie wat hier ter sprake was nie? -- Nee, dit was nie.

MNR. HANEKOM : Was daar in die besprekingsgroep van u wat hierdie punt bespreek het enige sogenaamde "non-racial" organisasie verteenwoordig? -- Nee, hierdie konferensie (10) was bygewoon deur die Indiërjeug, die Kleurlingjeug en die Swartjeug.

Maar nou is my vraag, was daar in die besprekingsgroep waarvan u deel was, sulke organisasies verteenwoordig wat uit meer as een ras bestaan het? Wie se lidmaatskap nie beperk was tot een ras nie? -- Wat ek verstaan het was dat die lede daar teenwoordig by hierdie konferensie was die lede van die organisasies wat eintlik in samestelling met die "non-racial" organisasie was. Ek weet nie van 'n organisasie wat eintlik op daardie manier op daardie basis (20) gewerk het nie.

Laat ek dan die vraag anders probeer stel. In die jeug-organisasie wat u en Ace Blaai op die been wou bring, die Boipatong Youth Organisation, sou dit vir julle 'n probleem gewees het, die kwessie van lidmaatskap vir alle rasse? -- Wat my betref sou dit vir daardie organisasie gewees het om 'n besluit daaromtrent te neem, maar op hierdie stadium het ons dit nog nie bespreek nie.

Was dit op daardie stadium vir u organisasie 'n probleem gewees? -- Soos ek sê ons het dit nog nie bespreek nie. (30)

Welke/...

Welke van die organisasies wat in die besprekingsgroep verteenwoordig was het hierdie probleem geopper? Vir watter organisasie was dit 'n probleem? -- Dit het net daar in die besprekings begin dat dit so bespreek moet word, maar andersins was dit nie spesifiek genoem dat daar 'n organisasie is wat alreeds hierdie tipe probleem ondervind nie.

Welke organisasie het die punt geopper? Welke organisasie se verteenwoordiger het gesien dat dit 'n probleem kan wees? -- Ek weet nie watter organisasies daar verteenwoordig was nie. Al wat ek geweet het was 'n konferensie vir die (10) jeug.

Nee, die vraag is, julle was in groepe opgedeel waar hierdie probleme onder andere bespreek is en die groep waarvan u deel was, was daar so 'n organisasie wat so 'n probleem voorsien het? -- Ek het dit nie geweet nie dat dit van enige persoon af begin het wat 'n lid is van enige organisasie nie. Dus kan ek nie sê van watter organisasielid dit begin was nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Hierdie notas op BEWYS-STUK AT7(D), is dit tydens 'n toespraak gemaak of was dit (20) in die besprekingsgroep gemaak? -- Dit is notas wat ek aangeteken het na ons nou met die groepies opgebreek het, dit wil sê met die bespreking "workshop".

MNR. HANEKOM : Ek sal u nog een maal vra. Wie het tydens hierdie bespreking in die "workshop" hierdie probleem geopper? -- Een van die jeug wat daar teenwoordig was, wie se naam ek nog nie geken het nie, tot dusver.

Van watter organisasie was hy? -- Ek het dit nie te hore gekom van watter organisasie die persoon gekom het nie.

Ek wil aan u 'n ander proposisie stel, is die probleem (30)

wat/...

wat hier ter sprake was nie dat dit die doel was dat dit so uitgespel was by die konferensie dat die jeug landswyd moes verenig om deel te neem aan die sogenaamde "liberation struggle" nie? -- Nee, dit is nie so nie. Al word dit hier gestel dat dit bespreek word onder die probleme wat die jeug ondervind het in verskillende woonplekke, maar dit is nie so nie.

En ek wil u net verwys na BEWYSSTUK AT7(C), die program van die konferensie. Dit lyk my die eerste onderwerp wat op die konferensie bespreek was, was die rol van die jeug in die "liberation struggle" deur Dan Montsisi. Dit is by punt 3(10) op BEWYSSTUK AT7(C). -- Ja, ek sien dit.

Het u geweet wie is Dan Montsisi op daardie stadium? -- Nee.

Sal u betwis dat hy 'n jeugorganiseerder was van die UDF en ook 'n lid van SOYCO? -- Ek weet nie.

Was SOYCO verteenwoordig in die groepbespreking waar u deelgeneem het? -- Ek het verstaan of verneem dat daar lede van SOYCO teenwoordig was daar al het ek nie presies geweet wie hulle is nie.

Ek wil net seker maak, in die besprekingsgroep tydens(20) die "workshop" sessie, waar u deelgeneem het aan die besprekings, was daar verteenwoordigers van SOYCO? -- Ek het eers later na alles verby was verneem dat daar SOYCO lede teenwoordig was daar en aangesien ek deelgeneem het in die besprekings van die Transvaal se werkswinkel, het ek aanvaar dat SOYCO ook daar teenwoordig was aangesien SOYCO ook maar van die Transvaal is.

Is daar in die bespreking tydens die "workshop" enigiets gesê oor SOYCO of van SOYCO? -- Nee, niks was gesê oor SOYCO of van SOYCO nie.

(30)

As/...

As ons terug is by AT7(D) aan die regterkant van die bladsy bo het u 'n aantekening gemaak "SOYCO cultural day." Wat beteken die aantekening? -- Ek onthou dat iemand gesê het die aand net voor ons gaan slaap het sommer in die gewone besprekings dat daar gepraat was dat daar so 'n dag gaan wees van SOYCO, maar ek kan nie spesifiek onthou wie die persoon is en wat die persoon gesê het wanneer dit sal wees nie.

MR BIZOS : It was put that Mr Dan Montsisi was the UDF organiser at this conference. There is an admission in relation to that but I am informed that that only came into (10) being in March 1985 and I do not recall any other evidence to the contrary.

MNR. HANEKOM : Die stelling was in alle geval nie bedoel om so te wees dat Dan Montsisi 'n organiseerder van die UDF tydens hierdie konferensie was nie. Ek het hom net gevra of hy Dan Montsisi ken en toe gestel dat hy 'n UDF jeugorganiseerder is en 'n lid van SOYCO.

HOF : Ja, wel, ek dink dit is dubbelsinnig. Ek het nie 'n nota eenkant toe of anderkant toe wat duidelik is nie. Wat is die vraag wat u nou stel? (20)

MNR. HANEKOM : Waarom het u dan 'n aantekening gemaak oor SOYCO se "cultural day" as dit sommer net iets was wat so in die verbygaan die aand genoem is? -- Ek het 'n aantekening daarvan gemaak sodat ek daarvan later kan onthou. Al kan ek nou nie spesifiek onthou of die persoon vir my 'n datum gegee het wanneer dit sal wees nie, maar nogtans het ek hierdie aantekening gemaak om net te onthou van hierdie "cultural day."

Nadat die persoon dit die aand in die verbygaan genoem het, het u weer u notas gaan uithaal en dit toe op hierdie plekkie ingeskryf? -- Ek kan nie meer onthou of ek dit (30)

onmiddellik/...

onmiddellik daar geskryf het toe die persoon dit aan my genoem het en of ek hierdie aantekening later gemaak het nie.

HOF : Het die man vir u die datum gegee? -- Dit is wat ek sê, ek kan nie meer onthou of die persoon vir my h spesifieke datum gegee het of nie. Ek het u h tydjie terug verwys na die "liberation struggle". Wat verstaan u onder die "liberation struggle"? -- Ek verstaan dit as h manier waarop mense optree om hulle vryheid te bereik.

Watter mense het u in hierdie spesifieke verband verstaan? Watter mense tree op vir hulle vryheid? -- Ek verstaan (10) dit soos volg dat dit mense is wat sekere regte geweier word.

MNR. HANEKOM : Is daar wat u betref of was daar wat u betref in 1984 h "liberation struggle" wat gestry moes word in Suid-Afrika? -- Tydens my geboorte het dit nog bestaan, alreeds bestaan dat mense van sekere regte geweier was.

HOF : U antwoord nie die vraag nie. Was daar in 1984 al h "liberation struggle" in Suid-Afrika? -- Ek is daarvan bewus dat van lank gelede af het die mense vir sekere regte geëis, selfs ingeslote die jaar 1984 tot op die huidige oomblik wat ek hier staan. (20)

MNR. HANEKOM : Watter mense was dit? -- Ek het gesê dit is die mense wat sekere regte geweier word.

Maar wie is die mense wat in 1984 sekere regte geweier is? -- Dit is die Swartmense ingeslote die Indiërs en Kleurlinge.

Het u u in 1984 beskou as deel van die "liberation struggle"? -- Dit is so.

Hoe het u die rol van die jeug gesien in 1984 as deel van die "liberation struggle"? -- Ek het dit nodig gevind vir die jeug om by te dra omdat hulle as jeug ook aangeraak was. (30)

Ek/...

Ek wil dit aan u stel dat die jeug nie net hulle deel moes doen nie, maar dat die jeug die sentrale plek ingeneem het in die "liberation struggle" in 1984? -- Nee, dit is nie so nie.

HOF : Wie was dan op die voorpunt? -- Ek weet nie wie aan die voorpunt was nie, maar wat my betref het ek aanvaar dat hulle maar op gelyke deelname is.

MNR. HANEKOM : En ek wil dit aan u stel, dit is juis een van die redes waarom - die vernaamste rede waarom die probleme van die jeug so uitgelig en geïdentifiseer is tydens die (10) konferensie in Wilgerspruit in 1984 omdat die jeug so n sentrale plek inneem in die "liberation struggle"? -- Dit is nie so nie.

U het gesê die jeug is maar net gelykes in die "liberation struggle". Wie is die ander komponente van die "liberation struggle"? -- Dit is die ouerige mense wat ook geraak was deur dit, want hulle was sekere regte geweier. Dus het die ouerige mense ook deelgeneem.

En die vroue was hulle ook deel of n komponent van die "struggle"? -- Kyk, ek verstaan dit soos volg. As ek praat (20) van die jeug is dit ingesluit die vrouens wat jeugdig is. As ek praat van die ouerige mense, dan praat ek van die mans en vrouspersone.

Sluit u die werkers daarby in, by die "liberation struggle"? -- By die jeug het jy die skoolkinders, die jeug wat werk en die jeug wat nie werk nie. Dieselfde geld vir die ouerige mense. As ek praat van ouerige mense, praat ek van dié wat werk en dié wat nie in staat is om te werk nie. Dus werk hulle nie.

Die regte wat die mense moes verkry deur die "liberation (30)  
struggle/...

struggle", is dit die regte soos vervat is in die Freedom Charter? -- Die regte wat ek van praat wat die Swartmense geweier word, is dat hulle nie toegelaat is om te gaan woon waar hulle wil nie. Hulle is nie toegelaat om te gaan werk waar hulle nou verkies het om te gaan werk nie. Dit is net 'n voorbeeld wat ek maak van die regte wat ek sê Swartmense geweier word.

Sien u die regte wat u van praat wat die mense geweier word, die Swartmense, as enige regte wat buite die Freedom Charter is of is almal vervat in die Freedom Charter? -- (10) Ek is nie daarvan seker nie, soos ek alreeds gesê het, ek het lanklaas die Freedom Charter gelees. Dus kan ek nou nie sê of dit vervat word in die inhoud van die Freedom Charter nie.

Is dit nie bespreek toe die Freedom Charter bespreek is op die konferensie nie? -- Nee.

Is die inhoud van die Freedom Charter glad nie bespreek op die konferensie nie? -- Nee.

Teen wie word die "liberation struggle"? gevoer? -- Dit is die opposisie teen apartheid. Dit is nie teen 'n sekere persoon nie. (20)

En wat is apartheid? Wat verstaan u onder apartheid? -- Ek het alreeds aan die Hof gesê dat apartheid is "discrimination".

En wie handhaaf die apartheid en die diskriminasie? -- Dit is die party se "policy" wat in die regering is by daardie tydstep van die uitvoering van die apartheid.

Sluit u onder apartheid dus in eerstens die huidige regering in die land? -- Ek het gesê dit is die "policy" van daardie party.

En 'n deel van die beleid is ook die beleid van Swart (30)

plaaslike/...



plaaslike besture wat so op die voorgrond was in 1984? --  
Die Black Local Authority het terselfdertyd bekend geword  
tesame met die "bills" van Koornhof.

En ek vra vir u, beskou u dit as deel van die apartheids-  
beleid? -- Dit is so.

Asook die drie-kamer parlement wat daardie tyd ter  
sprake was wat in werking moes kom? -- Ja, dit is so. Dit  
is maar die "policy" van die apartheid.

HOF : Ons moet net versigtig wees, as u praat van "policy"  
dat dit nie getik word as "polisie" nie. Praat van (10)  
beleid.

MNR. HANEKOM : Sluit u die polisie in as deel - die polisie-  
mag as deel van die apartheidsbeleid of as deel van die apart-  
heid soos u dit noem? -- Nee.

Dit is hoe ek u getuienis Vrydag verstaan het toe ons  
die eerste probleem oor die "harassment" van die "youth"  
bespreek het dat dit eintlik die polisie is wat daarvoor  
verantwoordelik is? -- Ek beskou die polisie as 'n struktuur  
van die Staat wat gebruik word ter uitvoering van sekere  
dinge, byvoorbeeld "to keep the law in order. Now, in this (20)  
instance", as ons na die polisie verwys as 'n sisteem, word  
dit eintlik duideliker gemaak dat die polisie gebruik word  
ter uitvoering van sekere dinge wat eintlik apartheid behels  
deur die uitvoering van die Group Areas Act deur mense te  
arresteer wat eintlik verhoed word deur die beleid van die  
apartheid dat die mense nie by 'n sekere plek moet wees nie  
omdat die mense van 'n sekere ras is. Op daardie manier word  
hulle gebruik. Dit beteken dus nie dat hulle, die polisiemag,  
apartheid is nie. Dit is volgens my verstaan van die woord.

Beskou u die polisie nie as deel van die apartheidsregering  
(30)  
nie/...

nie, h baie belangrike deel wat moet toesien dat die apartheidsbeleid uitgevoer word? -- Ek volg nie u vraag nie?

Ek sê beskou u dan nie die polisie as deel van die apartheidstruktuur en h baie belangrike deel daarvan wat moet toesien dat die apartheidsbeleid uitgevoer word en as sulks dat die vryheidstryd ook teen die polisiemag gevoer word nie? -- Nee, dit is nie hoe ek hulle beskou nie as deel van die apartheid.

En die regering se onderwys beleid ten aansien van Swartmense, beskou u dit as deel van apartheid? -- Ek aanvaar (10) dit so, dat apartheid is eintlik die liggaam wat die onderwys van die Swartmense opgestel het op die manier dat dit nie eintlik vir die Swartmense tevrede stel nie, wat dan deur die Swartmense beskou word as swak onderwys.

En is dit so dat in 1984 was h deel van die jeug veral in die vryheidstryd om te veg teen die Swart onderwysstelsel? -- Wat ek wel van weet is dat COSAS was die enigste organisasie wat te doene gehad het destyds met onderwys.

Wat was COSAS se standpunt oor die onderwys? -- Nee, ek weet nie. Ek was nog nie h lid van COSAS gewees nie. (20)

Het u die Weermag, die Suid-Afrikaanse Weermag beskou as deel van die apartheidsisteesem? -- Nee.

Is die kwessie of die rol van die Weermag bespreek op die konferensie by Wilgerspruit? -- Ja, dit was.

Wat is bespreek oor die Weermag? -- Soos dit daar uiteengesit is by punt 4 "militarisation and conscription".

Vir rekorddoeleindes, u verwys na BEWYSSTUK AT7(C), die program van die konferensie? -- Ja, dit is so.

En volgens die program was dit h drie uur sessie op die Sondagoggend, 15 Januarie 1984? (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : It is not the only item for that session.

COURT : Well, it says after point 1 09h00 to 12h00.

MR BIZOS : Session four and it is true that there is 09h00 to 12h00 but there are other items under that particular session.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : The other items being "resolutions and closure."

COURT : Now what is your objection? The points discussed were "militarisation and conscription."

MR BIZOS : That is correct. I withdraw the objection. (10)

HOF : Net terwyl ons by die punt is. Daar is 'n klein (a) onder 3. Daar staan "Activities of S..." Wat staan daar? Kan u vir ons sê? -- That is just a mis-spelling. It should have read SADF.

So, SADF should be SADF? -- That is exactly what I say. It is a mis-spelling.

For South African Defence Force? -- That is so.

MNR. HANEKOM : Vertel vir die Hof wat is bespreek onder hierdie sessie oor "militarisation and conscription"? -- Daar was van die jeug gewees van die Indiërs en Kleurlinge (20) wat dit dan duidelik gemaak het en in die voorstel gesê het hoe dit hulle gaan affekteer, dit is die "tri-cameral" parlement indien die drie-kamer parlement aanvaar word deur die mense van die Kleurlinge en Indiërs.

Net voordat ons verder gaan wil ek net duidelikheid kry. Onder hierdie punt militarisasie en konskripsie, was daar een of meer sprekers wat 'n toespraak daar gelewer het of was die hele ding 'n bespreking? -- AS my geheue my nie in die steek laat nie, gedurende die werkswinkelbesprekings was dit bespreek gewees en ook toe ons teruggekeer het na (30)

die/...

die saal toe. In die saal was dit ook bespreek gewees.

HOF : Hierdie "session four" was dit 'n werkswinkelsessie of was dit 'n volle konferensie-sessie? -- Die werkswinkel was op 'n Saterdag gewees en hierdie sessie vier was die Sondag gewees, dit is die 15de, waar ons nou weer almal bymekaar was.

Dus op Saterdag is dit bespreek seker onder sessie drie "Regional workshop section"? -- Ja, dit is so.

As die enigste onderwerp of as een van talle onderwerpe? -- Dit was een van talle onderwerpe wat bespreek was. (10)

MNR. HANEKOM : Sê eers vir die Hof wat is dan onder die werkswinkelsessie bespreek op die Saterdag, 14 Januarie 1984 oor militarisasie en konskripsie?

Wat/...

-- Wat bespreek was daar by die werkswinkel is die aktiwiteite van SADF by hierdie lande wat ek daar onder aangeteken het, byvoorbeeld Angola, Namibië.

Wat is daaroor bespreek? -- Eintlik was daar niks breedvoerig wat die dag bespreek was daaromtrent nie, want dit was - die meeste wat gesê was was deur die Kleurlinge en die Indiërs se jeug oor hoe dit hulle gaan affekteer met die drie-kamer parlement.

Wat het hulle gesê? Hou sou dit hulle affekteer? -- Wat hulle gesê het was dat as dit aanvaar word, dit is die (10) drie-kamer parlement, sal dit verwag word dat hulle "con-scripted" moet wees by die Army, wat dan beteken het dat hulle deel sal moet neem aan die Weermag wat hulle alreeds identifiseer het met sekere aktiwiteite.

Wat se aktiwiteite? -- Destyds het hulle melding gemaak van die "raids" van Angola, Mosambiek en Namibië.

En wat was hulle gevoel daaroor? -- Die gevoel van hulle was dat hulle nie verplig moet wees om deel te neem aan die konskripsie nie. Dit moet van 'n enkele persoon afhang of die persoon dit aanvaar om deel te neem aan die Weermag, (20) al dan nie.

Wat was hulle gevoel oor die Weermag se optrede in Angola en Mosambiek en Namibië? -- Hulle het dit duidelik gemaak dat hulle siening was dat hierdie regering wel die mense daar wou domineer het in hierdie lande.

Is dit nie so dat hulle tydens hierdie besprekings die Suid-Afrikaanse Weermag veroordeel het en hulle sleg gemaak het weens hulle optrede teen terrorisme in die lande nie? -- Nee.

Wat was hulle standpunt dan oor hierdie optrede? -- (30)

Ek/...

Ek het alreeds gesê die standpunt van hulle daar was dat hulle nie verplig moet word om deel te neem aan die Weermag nie, dit wil sê al word die drie-kamer parlement deur die rasse aanvaar, maar dit moet 'n keuse wees wat 'n mens kan uitoefen.

Maar hulle het die optrede van die Weermag in Angola en Mosambiek en Namibië veroordeel. Is dit reg? -- Ek het hier aan die Hof gesê dat die regering wil die plek domineer met hierdie optrede. Dit was die siening van hierdie mense gewees.

Het hulle met die optrede van die Weermag saamgegaan of nie? -- Ek het hierso gesê die gevoel van hulle en die (10) siening was dat al word die drie-kamer parlement aanvaar, moet hulle nie verplig word om deel te neem aan die Weermag nie. Dit moet net vir 'n persoon wees om sy eie besluit te neem.

Dit is nie 'n antwoord op die vraag nie. Die vraag is wat was die mense se standpunt oor die Suid-Afrikaanse Weermag se optrede in Angola, Namibië en Mosambiek? -- Nee, hulle het net melding gemaak van die optrede, die aktiwiteite van die Weermag in hierdie land teenoor daardie lande. Hulle het geen verdere melding gemaak of iets duidelik gemaak (20) wat hulle gevoel is teenoor die optrede nie.

In watter verband het hulle dit genoem of het hulle net 'n verslag kom lewer, 'n objektiewe verslag dat die Weermag het weer opgetree in Angola, Namibië en Mosambiek? -- Dit was bespreek as gevolg van wat hulle gesê het op die volgende manier dat as gevolg van die drie-kamer parlement sal dit verwag word dat hulle ook "conscripted" moet wees in die Weermag en hulle voel dat dit moet 'n persoon se diskresie wees in 'n besluit of hy deel gaan neem aan die Weermag of nie. Hulle moenie verplig word om deel te neem nie. (30)

In/...

In watter verband het hulle die aktiwiteite van die Weermag genoem in Angola, Mosambiek en Namibië? -- Hulle het gesê terwyl hulle gepraat het van die drie-kamer parlement dat sodra dit in werking gestel word, sal dit verwag word van hulle dat hulle deel moet naam aan die "militarisasion" en "conscription".

HOF : Wat verstaan u onder "militarisasion" en wat verstaan u onder "conscription"? -- Wat ek verstaan onder "conscription" is soos Blankejeug. Hulle is verplig om deel te neem aan die Weermag. Hulle moet die opleiding kry. Dit vertolk (10) ek as 'n konskripsie wat hulle bydra.

En "militarisasion"? -- Onder dit verstaan ek die volgende, dat daar meer van soldate of doen en late is van Weermag en soldate by 'n spesifieke plek. Dan word daardie plek gemilitariseer, soos byvoorbeeld as 'n mens nou 'n militêre owerheid by 'n punt, dit is wat ek verstaan onder "militarisasion".

Die militarisasie waarvan hier gepraat is, by watter punte het dit dan plaasgevind? -- Ek het nie kennis daarvan gedra by watter punte dit te doene gehad het hierop nie. (20)

MNR. HANEKOM : Is dit nie tydens die besprekings genoem waar die Weermag nie teenwoordigheid gehad het nie? -- Hier wat genoem was was die aktiwiteite van die SADF te Angola, Mosambiek en Namibië. Ek het dus verstaan dat daar word verwys na die "raids" wat deur hulle by hierdie plekke uitgevoer was, dit wil sê die SADF.

Wat was u siening van die "raids" in Angola, Mosambiek en Namibië? -- Destyds het ek eintlik geen siening gehad oor wat daar gebeur het nie. Dit was ook nie 'n ding wat ek aan gedink het om kommentaar te kan lewer nie. (30)

Was/...

Was dit vir u aanvaar dat die Weermag in dié lande optree teen terrorisme?

MR TIP : I do not know if it is a proper formulation of the question. There is no evidence about the activities of the army in those countries and on the reading of newspapers there seems to be a disputed interpretation.

COURT : I seem to recall that I read quite a number of documents which are admitted which refer to raids.

MR TIP : Yes, there are certainly references to raids.

COURT : And here is reference to raids in the program, (10) written on the program.

MR TIP : Yes, but the dispute is precisely what those raids are. My Learned Friend says they are raids "teen terrorisme", which is a qualification that might not assist the easy and proper disposal of the matter here.

MNR. HANEKOM : Ek sê nie dit is optrede teen terrorisme nie. Ek vra vir die getuie wat is sy siening daarvan, of hy dink die Weermag tree daar op teen terrorisme of hoe sien hy die aanvalle daar.

HOF : Ja, die vraag word toegelaat. -- Dit is nie h ding(20) wat ek gevolg het om verder h opsomming daarvan te kan maak of h besluit te gee nie. Ek het net daarvan gelees in die koerante. Toe was dit maar verby. Ek het daarvan gelees.

MNR. HANEKOM : As u in die koerante gelees het van optrede van die Weermag in die buurlande, wat was u standpunt daaroor? Was dit geregverdig aan die kant van die Weermag of het u beswaar gehad teen sulke optrede? -- Ek het alreeds gesê ek het geen kant geneem om te kan sê wat my gevoel was of dit geregverdig was al dan nie, maar as die vraag so is, dan sal ek sê as dit vir die Weermag goed was en dit nodig was(30)

dat/...



dat die Weermag so moet optree ter beskerming van die inwoners van hierdie land, dan was hulle seker geregtig. Ek het geen kommentaar daaromtrent nie.

Het die koerante waarin u van die aanvalle gelees het gemeld dat die Weermag aanvalle geloods het op ANC terroriste basisse of wat was u inligting? -- As ek reg onthou was dit eintlik die berig gewees.

Wat was die Kleurlinge en die Indiërs op die konferensie in Januarie 1984 by Wilgerspruit se beswaar teen konskripsie? Hoekom wou hulle nie deel wees van die Weermag nie? Wat (10) het hulle gesê? -- Nee, u het my nie mooi verstaan nie. Ek het gesê die gevoel van die Kleurlinge en die Indiërs by hierdie konferensie daar was dat as gevolg van die drie-kamer parlement, as dit aanvaar word, dan sal dit verwag word dat hulle "conscripted" moet wees aan die Weermag en dus was die gevoel van hulle soos volg, dat hulle nie verplig moet word om deel te neem aan die Weermag nie, maar dit moet oorgelaat word aan hulle om eie diskresies te gebruik of hulle by die Weermag gaan deelneem al dan nie.

Wat was hulle beswaar? Hoekom wou hulle nie verplig (20) wees om deel te neem aan die Weermag nie? -- Hulle het nie verduidelik wat die beswaar is nie. Al wat hulle gesê het is dat hulle sal verkies om nie verplig te word nie. Dit moet aan die diskresie van 'n persoon gelaat word.

Was die beswaar of was daar nie 'n beswaar dat hulle nie deel moet wees van die Weermag nie omdat hulle nie bereid is om teen hulle broers en susters van die ANC te veg nie? -- Daar was geen sulke sprake gewees nie.

Nou wil ek u nog een maal vra. U het die aantekening gemaak op AT7(C) "The activities of SADF in Angola, Mozambique (30 and/...

and Namibia." In watter verband het u dit neergeskryf en hoekom het u dit neergeskryf? -- Ek het hierdie aantekeninge gemaak tydens die woorde wat gebesig was deur die Indiër- en Kleurlingjeug aangaande die aktiwiteite van die SADF by hierdie lande, dat daar aanvalle was. In daardie woorde wat hulle gebesig het, het ek hierdie aantekeninge gemaak.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Is die aantekeninge gemaak op die Sondag of tydens die werksessie op die Saterdagmiddag? -- Ek het die aantekeninge gemaak die Sondag waar daar nou sprekers was wat toesprake gelewer het oor die punt(10) van "militarisation and conscription".

Is u heeltemal reg daar? Sou h mens nie kan sê dat die besluite wat geneem is die Sondag "resolution", (a), (b), (c), (e) en (f) is nie? Dat dit die besluite is wat die Sondag geneem is? -- Om dit aan die Hof te verduidelik sal ek die volgende sê. Ek kan nie meer so goed onthou wat daar gebeur het nie, maar wat ek wel kan sê is dat meer as een persoon het h toespraak gelewer oor hierdie punt van "militarisation and conscription" en tydens die toesprake van die persone waar hulle melding gemaak het van sekere punte, soos(20) hier aangeteken is deur my, het ek hierdie aantekeninge gemaak voortspruitend uit die toespraak van die spreker.

MNR. HANEKOM : Ons stap af van die Saterdagmiddag se bespreking en ons kom by die Sondagsessie. Hoeveel sprekers het gepraat oor die onderwerp van militarisasie en konskripsie? -- Ek kan nie onthou hoeveel sprekers toesprake daar gelewer het oor daardie punt nie, maar dit was meer as een persoon.

Kan u enige naam onthou van h spreker? Of aan watter organisasie enige van die sprekers verbonde was? -- Nee, ek kan nie.

(30)

Het/...

Het die sprekers hulle self nie voorgestel, wie hulle is en van watter organisasies hulle is nie? -- Nee.

Wat was die kerngedagte tydens die toesprake oor militarisasie en konskripsie? -- Ek volg nie wat u daarby bedoel nie.

As u vir die Hof 'n opsomming moet gee oor waarom die toesprake die Sondag gehandel het oor militarisasie en konskripsie? -- Die kern van die toesprake daar was dat indien die drie-kamer parlement aanvaar word om in werking gestel te word, sal dit verwag word van hulle om 'n konskripsie (10) te wees by die Weermag. Die persone het die siening van hulle toe duidelik gemaak dat hulle nie verplig moet wees nie, dit moet van hulle afhang, dit wil sê dat 'n persoon 'n diskresie moet gebruik of hy deel gaan neem aan die Weermag al dan nie.

Tydens die toesprake het u die punte (a), (b), (c), (e) en (f) neergeskryf? -- Ja, dit is so.

Waarom het u punt (a) aangeteken oor die aktiwiteite van die Weermag in Angola, Mosambiek en Namibië? -- Nee, maar as 'n persoon 'n toespraak lewer en jy is daar teenwoordig by (20) die konferensie waar daardie toespraak gelewer word, partykeer vind 'n mens dit nodig en belangrik vir 'n persoon miskien, jy kry die belang om dit sommer aan te teken vir 'n punt, dat ek daar was en dit is die punt wat genoem was.

Het die spreker die aktiwiteite van die Weermag in Angola, Mosambiek en Namibië veroordeel? -- Nee.

HOF : Het hy dit aangeprys? -- Nee. Die spreker het eintlik geen gevoelens uitgespreek wat sy gevoel is oor hierdie aktiwiteite nie.

Hoekom maak u dan 'n aantekening daarvan? -- Dit het (30)

my/...

my bygeval dat ek van hierdie gebeure gelees het en ek het nie veel ag daarop geslaan nie en hier word dit nou genoem. Daarom het ek 'n aantekening daarvan gemaak.

MNR. HANEKOM : Waarom het u punt (b) aangeteken "Detentions of our people"? -- Dit was een van die punte wat genoem was in hierdie toesprake.

Wat is genoem daarvoor? -- Hierdie spreker het hier duidelik gemaak dat daar baie van die mense is by die gemeenskap of die mense waar hy woon wat in aanhouding is.

HOF : Wat het dit te doen met die Weermag? -- Ek kan nie(10) meer so goed onthou hoekom die persoon hierdie punt genoem het eintlik en waarmee hy dit in verband gebring het nie. Maar wat ek wel kan sê is, dit was tydens sy toespraak oor "militarisation and conscription" dat hy melding gemaak het van hierdie punt. Waar en hoe dit betrek word daar, kan ek nie sê nie.

Maar op die oog af het dit heeltemal niks met die onderwerp van sy toespraak te make nie? -- Ja, volgens my aantekening hier is dit loshangend vanaf die "militarisation and conscription" se bespreking. (20)

Maar waarom meld u dit dan as 'n punt? -- Wat ek sê is dat die persoon het 'n toespraak gemaak oor hierdie "militarisation and conscription" as 'n onderwerp, maar ek kan nou nie presies sê of dit nou genoem was tydens hierdie onderwerp wat hy bespreek het dat hy melding gemaak het van hierdie punt, dat ek 'n aantekening gemaak het van hierdie punt nie. Om daardie rede staan hierdie punt loshangend, want ek kan nie meer onthou, ek kan dit nie meer in verband bring met wat daar gesê was nie.

MNR. HANEKOM : Is die rede waarom u die punt (b) oor (30)

"detentions/...

"detentions of our people"aangeteken het nie dit dat die spreker het die konskripsie veroordeel omdat die mense eerstens nie wil deel hê aan die aktiwiteite van die Weermag in die buurlande nie en tweedens dat mense wat weier om in die Weermag opgeneem te word toegesluit word daarvoor nie? -- Nee, volgens wat ek in die koerante gelees het as berig, mense wat weier om militêre opleiding te ondergaan, word gestraf.

Maar dit is die vraag. As u geheue nou verhelder is, is dit wat gebeur het? Het die spreker gesê dat mense (10) wat weier om opgeneem te word in die Weermag word gearresteer en gestraf?

HOF : Maar dit lyk vir my die getuie tref h onderskeid tussen "detentions" en straf. U moet dit opklaar, wat beteken "detentions".

MNR. HANEKOM : As u die woord "detention" gebruik, wat sluit u daaronder in? --"Detention"gebruik ek in die volgende sin. h Persoon wat sommer opgetel word en opgesluit word sonder om aangekla te word, is die persoon wat ek sê val onder die "detention". (20)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U Edele, beskuldigdes nrs. 17 en 19 het nou die hof verlaat. Hulle is dokter toe.

Mnr. Mokoena, wat het u bedoel met punt (c) wat u aangeteken het "Introduce cadet system" op AT7(C)? -- Die spreker hier het gesê as hierdie drie-kamer parlement in werking gestel word, sal dit dan nodig wees om h kadetsisteam by (30)

hulle/...

hulle skole ook te gebruik in die sin dat hulle dit van toepassing gaan maak.

Het die spreker beswaar gehad daarteen? -- Hier het die spreker gesê net soos die Blankes wat die kadetsisteem het by die skole, gaan dieselfde gebeur met hulle op skool. Die kadetsisteem sal nou voorgestel word.

HOF : Die vraag is of daar beswaar daarteen was? -- Nee, hy het nie gepraat soos 'n mens wat 'n beswaar het daarteen nie, maar al wat die persoon daar gesê het was dat dit 'n moontlikheid gaan wees van wat kan gebeur. (10)

MNR. HANEKOM : Het hy dit goed gepraat? -- Nee, die persoon het net gepraat van as die drie-kamer parlement in werking gestel word, is dit wat gaan gebeur by die skole waar hulle is met hierdie kadetsisteem wat dan ook daar in werking gestel sal word.

As dit so 'n neutrale punt is, waarom teken u dit aan? -- Omdat dit iets nuuts was vir my dat ek die eerste keer daarvan gehoor het.

HOF : Is dit gesê dat dit by die Indiërs of die Kleurlinge sou wees of is dit gesê dat dit by die Swartmense ook sou(20) wees? -- Die spreker het gesê dit sal in werking wees aan die persone wat geraak word deur die drie-kamer parlement.

MNR. HANEKOM : Het u beswaar daarteen gehad? Dit is miskien waarom u die punt aangeteken het? -- Nee.

En punt (e) "In schools soldier teacher", waar het u dit aangeteken? -- Dit is waar die spreker nou melding gemaak het hier in die toespraak dat by die skole waar hulle is onderwys gegee gaan word selfs deur die soldate.

Wat was sy standpunt daaroor? -- Hy het geen aanduiding gemaak oor wat sy standpunt is daaromtrent nie, behalwe (30)

dat/...

dat hy net gesê het dat as hierdie drie-kamer parlement in werking gestel word, gaan dit nodig wees vir hulle om dan onderwys gegee te word deur soldate.

HOF : Maar het u dit as 'n korrekte opmerking beskou? -- Dit is wat ek verstaan het dat aangesien dit gesê word dat hierdie jeug "conscripted" gaan wees by die Weermag en dit sou vir my beteken het dat selfs die jeug wat nou die opleiding in onderwys voltooi het wat nog opleiding moet ondergaan by die Weermag sal dan tydens die Weermagtyd onderwys moet gee by skole. (10)

MNR. HANEKOM : Wat was u standpunt daaroor? U persoonlike standpunt? -- Ek het nie 'n standpunt daar geneem nie.

Was dit korrek volgens u die standpunt wat genoem was dat konskripsie verpligtend sou wees vir Kleurlinge en Indiërs as die nuwe parlement in werking kom? -- Wat met my gebeur het was dat na aanleiding van die drie-kamer parlement wat voorgestel word en dit hulle ook raak, sal dit dus vir hulle nodig wees om dan deel te neem aan die Weermag en "that they be conscripted", want hulle gaan die reg hê om te stem.

Het u probeer vasstel of dit die korrekte posisie is (20) of het u maar net daardie gedagte gekoester en dit nie verder ondersoek nie? -- Ek het dit net daar gelaat met hierdie gedagte van my.

Waarom het u punt (f) "New deal" aangeteken? -- Dit het ek aangeteken, want daar was melding gemaak in die toespraak dat die "new deal" eintlik die oorsaak daarvan is dat daar 'n nuwe drie-kamer parlement aangebring word.

Wat verstaan u alles onder "new deal"? Was dit net die nuwe drie-kamer parlement? -- Toe die "new deal" bespreek was, was die drie-kamer parlement ook gemeld en toe was (30)

daar/...

daar melding gemaak van die "new Koornhof bills". Nee, ek praat van toe daar in daardie sessie 'n bespreking gemaak was van die "new deal", toe was daar gepraat gewees van die drie-kamer parlement, nie "new deal" nie. Nie "Koornhof bills" nie.

HOF : Wat verstaan u van "new deal"? Is dit net die drie-kamer parlement of is dit iets meer? -- Ek het verstaan dat dit behels die drie-kamer parlement as ook die "new Koornhof bills".

MNR. HANEKOM :

En die "new Koornhof bills" wat was dit?-- Black Local (10) Authorities Act, Black Persons settlement bill and Development bill. Dit is die drie.

Terwyl ons by die "new deal" vertoef, het u op enige stadium in Januarie 1984 of voor dit of na dit die nuwe konstitusie wat die drie-kamer parlement daarstel bestudeer? -- Nee, behalwe om net van die koerante berigte te lees.

En die sogenaamde Koornhof wetsontwerpe, het u daardie wetsontwerpe bestudeer? -- Ook nie behalwe om berigte daarvan te lees in die koerante.

Was daar op die konferensie van 14/15 Januarie 1984 (20) enige resolusies geneem oor militarisasie en konskripsie? -- Ja, dit is so.

Op watter stadium? -- Die Sondag gedurende die vierde sessie.

Dit was na die besprekingspunt oor militarisasie en konskripsie. Is dit korrek? -- Dit is so.

Welke resolusies is geneem? Ek wil dit net duidelik maak, nie net oor militarisasie en konskripsie nie, maar al die resolusies wat u kan onthou wat geneem is? -- Wat ek kan onthou is "national co-ordination, political direction." (30)

HOF/...



HOF : Is dit een of twee? -- Dit is twee verskillende dinge en toe was daar besluite geneem onder hierdie onderwerp van "militarisation and conscription". Daar was toe 'n besluit geneem oor dit wat bekend gemaak is van COSAS se besluit.

MNR. HANEKOM : Net vir rekorddoeleindes, ek sien u het die resolusies afgelees skynbaar van BEWYSSTUK AT7(B), die onderste helfte van die bladsy. Is dit korrek? -- Ja.

Welke resoluëie is geneem oor "national co-ordination"? -- As ek nog reg onthou was die besluit daaromtrent dat in hierdie bespreking was verwys na die streekstrukture wat (10) na stigting eers, dit wil sê die streekstrukture se stigting in hierdie probleem sal moet in kyk. Dit is die resoluëie wat geneem is.

Wat was die idee of die resoluëie, wie sou die streekstrukture koördineer? Sou daar een koördinerende liggaam wees of wat was die posisie? -- Daar was nie 'n besluit geneem daaromtrent nie. Daar was net 'n resoluëie geneem oor die "national co-ordination" dat dit oorgelaat word vir die streekstrukture wat in daardie probleem sal moet in kyk na die stigting daarvan. Dit wil sê na die stigting van die (20) streekstrukture sal dit eers aandag kry.

Hoe sou 'n streekstruktuur daar uitsien? Neem nou maar Transvaal streek waarin u was. Hoe het u verstaan wat se struktuur moet op die been gebring word? -- Hier was besluit gewees deur die Transvaal streek dat daar organiseer gaan word om die organisasies bymekaar te kry in die Transvaal om 'n seminar te organiseer waar hulle bymekaar sal kom.

Ek het nie duidelikheid oor die nasionale koördinasie nie. Was die gedagte dat daar 'n nuwe front van organisasies tot stand moes kom waaruit streekstrukture bestaan of moes (30)

daar/...

daar een organisasie tot stand kom met streekstrukture? Wat was die besluit? Wat moes gestig word? -- Toe daar 'n resolu-sie geneem was oor die "national co-ordination", wat gesê was, was die volgende. Dat daardie punt oorgelaat word vir die streekverteenwoordigers wat nog nie gestig was nie. Sodra hulle gestig word. Sodra hulle gestig word, sal hulle eers aan daardie punt aandag gee, maar by hierdie konferensie was dit nie spesifiek genoem hoe die streekstrukture gestig gaan word nie.

Hoe sou u eie organisasie, die Boipatong Youth Orga-(10) nisation byvoorbeeld inpas by hierdie hele liggaam wat tot stand moes kom? -- Ek weet nie, want dit was nog nie eers bespreek by my organisasie hoe dit gedoen sal word nie en daar was ook nog nie 'n resolu-sie geneem deur my organisasie of dit betrokke sal wees in die besluite nie.

Wat was die resolu-sie onder punt 2 "Political direction"? -- Die resolu-sie geneem daaromtrent was dat daar ondersteuning moet wees vir die "non-racial" idee.

En die resolu-sie oor konskripsie en militarisasie. punt 3? -- Wat daar uitgespruit het was dat die "new deal" (20) wat voorgestel was deur mnr. Botha, die Minister en die Koornhof Bills nie ondersteun moet word nie en die tweede punt was dat die mense opgelei moet word oor die gevare van hierdie voorstelle. Met ander woorde, in die sin dat wat hulle moet verwag as gevolg van hierdie "new deal" deur die Minister en die Koornhof Bills.

Wat was die gevare waarteen gewaak moes word van die wetsontwerpe? -- Toe die resolu-sie geneem was, was dit nie spesifiek verduidelik wat dit is nie.

Wat het u gesien as die gevare van die wetsontwerp? (30)

Die/...

-- Die "new deal" en die Koornhof Bills het vir my geen voordele nie, want dit los nie my probleme op nie. Ek sal nogtans in dieselfde posisie wees waarin sekere regte geweier word. Dit is hoe ek dit verstaan het. Dit wil sê die ander mense sou ook maar gesien het op hulle eie siening hoe dit hulle raak.

Die deel van die resoluëie wat sê "Educate the people" oor hierdie gevare, wie is die "people" waarna daar verwys word? -- Hier word gepraat van die persone wat geraak sou gewees het deur die "new deal, tri-cameral parliament" en (10) die Koornhof Bills.

Wie is hulle? Is dit net die Swartmense of is dit meer as die Swartmense? -- Dit is die Swartmense plus die Indiërs en Kleurlinge.

Wie moes die mense onderrig oor die gevare? -- Dit was nie spesifiek genoem wie dit sal moet doen, wie moet wie onderrig nie. Dit was net gesê op hierdie konferensie gemik op die persone teenwoordig in die konferensie.

Is u getuënis dat die resoluëie aangeneem is en net so in die lug gelaat is? Daar was nie duidelikheid oor (20) die resoluëie nie? -- Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie, want hierdie resoluëies waarvan ek nou net gepraat het, is op hierdie manier, soos ek dit aan u verduidelik het, geneem. Dit is hoe ek die resoluëies verstaan het.

Laat ek u dan verder vra. Hoe moes die mense onderrig word? Is dit bespreek? -- Nee, nie spesifiek nie. Die resoluëie was net geneem maar dit was nie spesifiek genoem hoe die mense onderrig moet word nie. Wat ek verstaan het was dat die jeugorganisasies wat daar teenwoordig was of is in daardie omgewing, sal nou moet besluit en 'n standpunt (30)

inneem/...

inneem oor hoe hulle dit sal doen om die mense te onderrig. Of dit deur middel van pamflette gedoen sal word of op een of ander manier gedoen gaan word, dit was vir die organisasies om te besluit.

Is dit besluit hoekom die mense so onderrig moes word? -- Hier word dit duidelik gemaak dat die mense onderrig moet word met die gevare van die "bills". Ek het alreeds vir die Hof gesê wat my siening was van die "bills", hoe die "bills" ons sou geraak het.

Is dit besluit hoe die Botha en Koornhof wetsontwerpe(10) om u woord te gebruik "resist" moes word? -- Ek het verstaan dat dit "resist" kan word deur dit nie te ondersteun nie.  
HOF : Wat beteken dit? Hoe sou u die Botha wetsontwerp ondersteun? -- Deur dit duidelik te maak dat ons nie daarmee saamstem nie.

Hoe? -- Die "new deal", dit wil sê die drie-kamer parlement was voorgestel deur Botha en dit het sekere mense geraak. Wat daarby bedoel was was dat die mense wat daardeur geraak word moet dit nie ondersteun deur nie deel te neem aan die verkiesings nie. Dit is hoe ek dit verstaan het. (20)

MNR. HANEKOM : Was die doel dan van die konferensie en die resolusies om soveel as moontlik van die Swartmense, die Kleurlinge en die Indiërs te kry om hierdie wetsontwerpe teen te staan? -- Dit is een van die resolusies wat daar geneem was.

Was die idee en die besluit dat die jeug deur die jeug-organisasies 'n daadwerklike rol hierin moes speel? -- Dit was duidelik gemaak hier aan hulle, soos dit reeds genoem is en die redes verstrekkend is, dat hulle nie deel moet neem daaraan deur dit te ondersteun nie. (30)

Wat/...

Wat was die resolusie oor COSAS? -- COSAS het h besluit geneem dat die persone wat lede was van COSAS tydens hulle skooltyd wat nie meer op skool is nie, gaan nie meer toegelaat word om as lede voort te gaan van COSAS nie.

HOF : Is dit al? -- Dit is sover as wat ek kan onthou.

Was dit julle besluit? -- Dit is die besluit wat bekend gemaak was by hierdie konferensie dat COSAS daardie besluit geneem het.

Dit is lankal gesê. Dit staan in die program. "Report of COSAS steering committee." Ek neem aan dit is in sessie(10) twee op die eerste dag al gesê, maar wat is julle besluit wat onder die item COSAS aangeteken is by punt 4 op AT7(B)? -- Daar is niks verder wat as h besluit geneem was oor COSAS nie, behalwe dat dit miskien nou verder sterker duidelik gemaak was dat mense wat nie meer op skool is nie, kan nie voortgaan met hulle lidmaatskap aan COSAS nie.

MNR. HANEKOM : Het u dan h fout gemaak om onder die opskrif "resolusies" wat geneem is by die konferensie op 14 en 15 Januarie 1984 die punt te notuleer COSAS? Daar is dan inderdaad geen resolusie oor COSAS geneem nie? -- Ek sal u sê hoe dit(20) gekom het dat ek hierdie nota gemaak het van COSAS onder resolusies. Toe die spreker daar besig was om te praat oor die resolusies, was melding van COSAS gemaak. Toe het ek COSAS daar geskryf met hierdie verstandhouding dat hierdie persoon nog iets gaan sê wat h mens as h resolusie kan aanteken onder die naam van COSAS, maar in plaas daarvan het die persoon net weer sterk gepraat oor wat COSAS besluit het in 1982, wat alreeds vroeër genoem was. Dus het ek dit nie nodig gehad om nog dit te herhaal daar onder die naam van COSAS nie. As gevolg daarvan het ek dit net so oop gelaat.(30)

Was/...

Was die resolusie van die konferensie nie dit dat die konferensie gaan saam met die COSAS besluit van 1982 en ondersteun daardie besluit nie? -- Wat gebeur het hier so is dat die COSAS se besluit van 1982 is in hierdie konferensie bekend gemaak dat die jeug wat nie meer op skool is nie kan nie met hulle lidmaatskap voortgaan by COSAS nie, want hulle is nie meer op skool nie.

Wat beteken die aantekening op die boonste deel van ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MNR. BIZOS DEEL HOF MEE DAT OP SY AFSKRIF DIT VOORKOM ASOF (10) DAAR 'N DUBBELPUNT NA DIE WOORD COSAS IS.

HOF VERSOEK MNR. HANEKOM OM VOORT TE GAAN EN DAT DAAR LATER TERUGGEKOM SAL WORD NA HIERDIE PUNT.

MNR. HANEKOM : Wat beteken die aantekening op die boonste helfte van die bladsy BEWYSSTUK AT7(B) onder die opskrif "Boipatong Youth Organisation"? -- Ek kan nie onthou op watter stadium ek 'n aantekening daarvoor gemaak het nie.

HOF : Is dit by die konferensie? -- Ja, dit is by die konferensie.

MNR. HANEKOM : Waarom het u die aantekening gemaak? -- Praat (20) u nou van die woord daarbo "Boipatong Youth Organisation" of praat u van die aantekeninge onder dit?

Al die aantekeninge onder daardie opskrif? -- Nee, dit is mos punte wat by hierdie konferensie bespreek was.

Hoekom gee u dit 'n opskrif van "Boipatong Youth Organisation"? -- Nee, dit het ek sommer so geskryf, nie met die bedoeling dat dit nou saamgaan met wat onder aangeteken is nie.

Die punte wat u daar aangestip het, punte 1 en 2, is dit resolusies wat geneem is ook op die konferensie? -- (30)

Nee/...

Nee, dit is nie resolusies wat daar geneem was by die konferensie nie. Dit is punte wat somer uitgekóm het tydens die werkswinkelbesprekings.

Punt 1 lees "Restricting youths on age limit" en dan net daarna is aangeteken "Resolution". Wat se resolušie is dit en wanneer is dit geneem? -- Dit is h punt wat eintlik as gevolg van die besprekings van "age limits" by die organisasies bespreek was, wat opgeduik het en dit is ook toe aangeteken. Daar was toe h bespreking gewees oor die ouderdomsbepèrking van die organisasies dat dit nie gedoen moet (10) word nie.

Maar dit het tog gegaan oor jeugorganisasies as ek reg verstaan. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Beteken dit, volgens wat u nou sê, dat h jeugorganisasie se lidmaatskap moes oop wees vir enige ouderdomsgroep? -- Wat ek daarby sê is dat die jeugorganisasie moes nie die organisasie verbind het op h sekere ouderdom nie. Dit wil sê dat hulle gebind word met dit is die ouderdomme wat toegelaat word nie.

HOF : Sê u dat die konferensie nie h ouderdomsbepèrking (20) moet neerlê nie of sê u dat die konferensie gesê het jeugorganisasies self moet nie h ouderdomsbepèrking neerlê nie? -- Wat ek sê is dat tydens die werkswinkelsessie was dit bespreek onder mekaar daar deur die groepe dat die jeugorganisasies nie die organisasie moet bind op h sekere ouderdom en sê dit is die ouderdom nie.

MNR. HANEKOM : Met ander woorde, h persoon van 50 jaar oud kan h lid wees van h jeugorganisasie? -- As ek h opinie moet gee, h persoon van daardie ouderdom is volgens my al te oud om aan te sluit by die jeugorganisasie. (30)

Wat/...

Wat is dan die bedoeling van hierdie besluit wat geneem is? Wat moes die effek daarvan wees? -- Dit gebeur soms dat 'n organisasie 'n besluit neem en sê kyk, ons mense se ouderdomme is omtrent tot op 25 jaar. Dit is nou 'n voorbeeld wat ek maak. Dan kry 'n mens byvoorbeeld mense van die ouderdomme 26 tot 35 en hierdie persone voel dat hulle deel kan neem in die jeugorganisasie wat dan 'n bietjie probleme ondervind want as die organisasie besluit het dat die lidmaatskap is bedoel vir mense van die ouderdom tot op 25, dan het 'n persoon bokant 25 die probleem dat hy nie kan aansluit nie. (10) Ek het dus verstaan met hierdie voorstel dat dit bedoel was om sulke probleme te verhoed.

Net een aspek oor hierdie deel nog. Onder punt 2 skryf u "Absorbing the cultural clubs." Wat bedoel u met die woord "absorbing cultural clubs"? Wat is die betekenis daarvan? -- Nee, as u die hele sin kan lees daar sal u sien wat daar bedoel word is dat om 'n kontak te hou met die ander organisasies en die "cultural clubs", is wat ek bedoel met die "absorbing of the cultural clubs".

Moet die sin dan eintlik net lees "To maintain relationship with other organisations"? Die "absorbing" moenie daar wees nie? -- Dit is heeltemal reg, u het dit reg vertolk. Dit is omdat ek nie 'n goeie woord gehad het soos u dit nou stel van "maintaining" dat ek hierdie "absorbing" gebruik het, want andersins, wat ek daarby bedoel het is 'n persoon sou "maintain" gebruik het.

HOF : Wel, u het "maintain" in dieselfde sin gebruik? -- Daarby wat ek daar wou gesê het was om die samewerking te kry tussen die organisasies en die "cultural clubs".

MNR. HANEKOM : Net een vraag oor AT7(B), onder links skuins (30) geskryf/...



geskryf is daar 'n hofie "Problems". Die eerste een is "detentions". Wat beteken dit? -- Wat daar gesê was is dit is een van die probleme wat die jeug ondervind, dit is die "detentions". Dit was ook bekend gemaak dat daar 'n groot getal jeug in aanhouding is.

Blaai asseblief weer na AT7(D). Onder die sewe probleme wat daar aangestip is, is daar weer 'n punt "harassment" waarin daar staan "Educating and training the members to be prepared for it!" Wat bedoel u daarmee?

HOF : U is nou te vinnig. Daar is 'n eerste groep probleme (10) en dit is 7. Dan is daar 'n tweede groep aantekeninge waarvan nr. 1 is "harassment" en dan het dit (a), (b) en (c). Die eerste een is (a) onder "harassment". "Educating and training the members to be prepared for it."

MNR. HANEKOM : Wat bedoel u met daardie aantekening? -- Hier was dit duidelik gemaak dat die jeug opgelei moet word in hulle, die jeug se, regte. Met betrekking tot die "harassment" was die regte dat hulle moet op hoogte gehou word met die feit dat hulle die polisie wat hulle so "harass" laat vang word. Byvoorbeeld hier was melding gemaak van die (20) DPSC. Onder (b) is dit weer 'n fout van my daar. Dit moes gelees het DPSC.

HOF : Beskuldigde nr. 19 is terug in die hof.--Toe was dit gesê hoekom daar (b) aangeteken was dat die DPSC is die organisasie wat die jeug kan help omtrent die "harassment" wat na verwys word onder die aantekening (a).

MNR. HANEKOM : Waarvoor staan DPSC? -- Detainees Parents Support committee.

En punt (c) daar "Contact with local persons", wat beteken dit? -- Dit is ook 'n spelfout. Wat ek daar wou (30)

gesê/...

gesê het is "legal persons", not "local persons", but "legal". Dit het beteken dat die jeug, indien hulle geslaan was deur die polisie tydens die "harassment", dat hulle hulp kan gaan bekom by die "legal persons " wat na verwys word daar. Dit is om stappe te neem teen die "harassment" deur die polisie.

U getuienis was dat tydens die werkswinkelbespreking die Saterdag, 14 Januarie 1984 is daar ses mense gekies wat verantwoordelik sou wees vir die reël van 'n seminaar op 5 Februarie en u was een van die ses persone? -- Ja, (10) dit is so.

Soos ek u getuienis verstaan het was u eintlik 'n vreemdeling op die konferensie. U het niemand geken nie en niemand het u geken nie. Hoe het dit gekom dat u gekies is? -- Dit was 'n voorstel gewees van die werkswinkelsessie waarby ek betrokke was. Dit is die Transvaal se werkswinkel. Soos ek alreeds gesê het ek, Vuyisile Thafeni, Mosiea, die drie van ons was die persone teenwoordig van die Vaal en by hierdie werkswinkel was dit gesê dat daar iemand moet wees wat die Vaal verteenwoordig. Dit is op daardie basis(20) dat ek dan gekies was as 'n verteenwoordiger vir die Vaal.

Het u op die konferensie aktief deelgeneem aan al die aktiwiteite en aan al die besprekings? -- Nee.

Waarom het u al die aantekeninge gehou soos vervat is in BEWYSSTUK AT7? -- Ek het die aantekeninge gemaak omdat ek daar geluister het wat daar bespreek word.

Uit u getuienis-in-hoof het ek die indruk gekry dat u die indruk by die Hof wou wek dat die konferensie by Wilgerspruit van 14 en 15 Januarie 1984 hoofsaaklik die geaardheid gehad het van 'n kulturele eenkoms eerder as 'n politieke(30)

een/...

een. Is dit korrek? -- In my getuienis het ek gesê die konferensie was 'n konferensie vir die jeug. Ek het geen melding gemaak van 'n "cultural conference" nie.

Stem u saam wat oorheersend op die konferensie bespreek is en plaasgevind het, is eintlik dinge wat politieke inslag het? -- Ek het gevind dat daar baie dinge bespreek was wat te doene gehad het met die jeug by hierdie konferensie.

Die vraag is, het dit te doen gehad met die jeug en met politiek en met die sogenaamde vryheidstryd? -- Daar is nie 'n manier waarop 'n mens 'n onderskeid kan maak tussen die (10) twee nie, want soos ek sê dit is dinge wat te doene het met die jeug.

Sal u sê die konferensie het glad nie gehandel met die vryheidstryd nie? -- Daar was melding gemaak van die jeug-organisasies en die probleme wat deur die jeug ondervind word en daar was toe voorstelle gemaak wat die jeug kan doen om hierdie probleme wat hulle ondervind te oorkom.

Nog net een aspek oor die konferensie. Ek het u voor teetyd gevra oor wie u beskou almal deel het aan die sogenaamde vryheidstryd. Beskou u dit dat die ANC deelneem aan die (20) vryheidstryd? -- Volgens hoe ek die berigte gelees het in die koerante, maak ANC daarvan melding dat die ANC self deelneem in die "liberation struggle", in die sin dat hulle sê dat hulle deelneem aan die "armed struggle".

Het julle op die konferensie op enige stadium gewerk met ledelyste, mense se name vir toekomstige gebruik? -- Vir toekomstige gebruik in verband waarmee?

Om mense te kontak of mense - met mense in aanraking te kom in die toekoms? -- Nee, ek onthou dit nie.

Wel, as 'n mens kyk na BEWYSSTUK AT9 in die middel van (30)

die/...

die bladsy - laat ons dit eers kry. Wat is AT9 ? -- Dit is die punte waarvan ek aantekening gemaak het by die vergadering van die 18de.

As 'n mens kyk na punt 2(a) in die middel van die bladsy "Suggesting that in the seminar each group should send about five members so that the discussions be held on the problems". Dan wil dit voorkom asof u tog ledelyste moes hê van organisasies en van lede of stem u nie saam nie? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Hoe sou u dan weet aan wie u die besluit wat u geneem(10) het moes oordra en watter groepe betrek moes word? -- Daar is geen besluite geneem nie. As u na die ding kyk is dit 'n voorstel.

Maar u was 'n komitee van ses mense. U moes tog besluit het met wie u werk? Met watter groepe u werk en met watter mense u werk? -- Ons was ses mense gewees toe ons voorstelle gemaak het van hierdie goedere wat ek die aantekeninge van gemaak het. Op hierdie dag van die 18de het ons nie 'n besluit gemaak of geneem wat ons gemaak het om 'n lys te maak van die organisasies of 'n lys te maak van die name van die(20) persone nie.

Ons sal terugkeer na dié bewysstuk. Ons kom by die vergadering van 18 Januarie 1984 in Khotso Huis, die vergadering van julle groep van ses. Saam met wie is u na Khotso Huis? -- Ek is alleen soontoe.

En die ander twee lede van die groep van die Vaal, wat het van hulle geword? Is u nie saam met hulle nie? -- Nee, ek was nie.

Was hulle wel teenwoordig by die vergadering? -- Nee, hulle was nie.

(30)

Wie/...

Wie was almal teenwoordig by die vergadering op 18 Januarie 1984? -- Rachid en Kgauhelo. Dit is mense wat ek onthou wat daar teenwoordig was, maar altesaam was ons ses persone gewees.

By welke organisasie se kantore het die vergadering plaasgevind in Khotso House? -- Dit was nie 'n spesifieke organisasie se kantoor wat ons gebruik het om die vergadering te hou nie. Ons het gevra om gebruik te maak van 'n kantoor op die grondvloer van Khotso House.

By wie het u toestemming gevra vir die lokaal? -- Ons het vir die "receptionist" daar gevra vir die gebruik van 'n (10) kantoor wat net langs die "receptionist" se kantoor was.

Watter organisasie se ontvangspersoon was dit? -- Nee, dit is nie van 'n organisasie nie. Dit is 'n ontvangspersoon vir Khotso House, vir die hele gebou by die ingang van die gebou. Ek weet nie of die ontvangspersoon vir 'n organisasie werk nie.

Wanneer het u die lokaal gereël? Toe julle daar aankom op 18 Januarie 1984 of voor die tyd? -- Nee, op die 18de toe ons daar gekom het.

HOF : So, julle het maar sommer gegaan en daar 'n kamer gekry? (20)  
-- Dit is so, ja.

MNR. HANEKOM : Het u van u huis af in die Vaal direk Khotso House toe gegaan alleen? -- Ja, dit is so.

Wanneer het julle groep besluit om in Khotso House te vergader? -- Na die konferensie.

Die konferensie het 15 Januarie geëindig. Wanneer daarna? -- Dieselfde dag van die 15de onmiddellik na die konferensie uiteengegaan het.

Wie het besluit op Khotso House? -- Die ses van ons het besluit. (30)

Wel/...

Wel, een van die ses het seker die voorstel gemaak. Julle het seker nie gelyktydig al ses besluit op Khotso House nie. -- Nee, ek kan nie meer onthou wie die persoon is wat dit voorgestel het nie.

HOF : Ek begryp dit nou nie baie mooi nie. In Khotso House as ek dit reg het, is daar verskeie organisasies? -- Ja, dit is so.

Hoe het julle geweet julle gaan daar h kantoor kry? -- Wat ek kan sê is die volgende. Na die konferensie uiteen gegaan het die dag van die 15de, het ons, die ses persone (10) bymekaar gekom. Waar ons bymekaar gekom het, was daar h voorstel gemaak na ons besluit het ons gaan h vergadering hou, dat die vergadering by Khotso House gehou gaan word.

Ja, maar nou het ek nog nie h antwoorde nie. Hoe het julle geweet julle gaan daar h kantoor kry? -- Ek onthou dat daar melding gemaak was van h saal wat gewoonlik gebruik word te Khotso House. Dit is die plek waarvan h voorstel gemaak was.

So, dit is voorgestel julle kom bymekaar in die saal? -- Dit is so, ja. (20)

MNR. HANEKOM : Hoe h groot saal is dit? Hoeveel mense kan die saal huisves? -- Dit is groter as die hofsaal. Ek is net nie seker hoeveel groter dit is nie.

Waarom het u groepie van ses so h groot saal nodig gehad om in te vergader? Hoekom kon julle in een van die ses se huise byvoorbeeld vergader het nie? -- Niemand het h voorstel gemaak dat ons by enigiemand se huis moes gaan vergader het nie. Die voorstel was dat ons daar by die plek moes gaan vergader.

HOF : BEWYSSTUK AT7(B) onder aan is die woord "COSAS" (30)

geskryf/...

geskryf met n 4 voor en daar is sekere merkies agter daardie COSAS. Al daardie merkies is op die oorspronklike. Almal verskyn in dieselfde ink . Dit wil dus voorkom asof dit met dieselfde pen deur dieselfde persoon aangebring is. Dit is alles in blou ink. So, die fotokopie is n behoorlike weergawe van wat die oorspronklike is.

MNR. HANEKOM : Ek het u getuienis n wyle terug verstaan dat toe u by Khotso House aankom en vir die ontvangspersoon vra vir n lokaal, het die persoon diekantoor net langs die ontvangskantoor vir u beskikbaar gestel. -- Ja, dit is so. (10)

Is dit nou n kantoor of was dit die groot saal waarin u vergader het? -- Volgens my waarneming was dit somer n spaar kantoor gewees wat nie gebruik word nie en die saal was nog daar gewees, maar ons het nie gebruik gemaak van die saal nie.

HOF : Was enige van die organisasies wat gesetel is in Khotso House verantwoordelik vir die konferensie en is dit die rede waarom julle na Khotso House toe is? --- Nee, dit is nie hoe ek daarvan weet nie. Al wat ek geweet het was dat hierdie konferensie is n jeugkonferensie en die voorbereidings (20) daarvoor was gedoen deur die jeug.

MNR. HANEKOM : Was u in die groep van ses in u hoedanigheid as n lid van die Boipatong Youth Organisation? -- Nee.

Was die ander vyf lede van die groep verteenwoordigend van organisasies? - Ek weet nie of hulle organisasies verteenwoordig het by hierdie groep van ons nie, maar wat ek wel geweet het is dat hulle lede is van sekere organisasies.

Van watter organisasies was hulle lede wat u kan onthou? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie.

Het die groep van ses n sameroeper gehad of n voorsitter (30)

of/...

of so iets? -- Nee.

Verstaan ek reg dat drie van die ses lede was afkomstig van die Vaal Driehoek? -- Nee, dit is nie so nie.

Was u alleen afkomstig uit die Vaal Driehoek in die groep? -- Ek het al so gesê dat ek alleen was.

En watter gebiede het die ander vyf verteenwoordig? -- Hulle was mense van die Transvaal maar ek het nie geweet van watter gebiede hulle afkomstig was nie.

Sê u op hierdie stadium kan u nie meer onthou nie of het u nog nooit geweet van waar af hulle gekom het nie? -- (10) Rachid was afkomstig van Lenz. Die res kan ek nie meer onthou van watter plekke af hulle gekom het nie.

HOF : En hulle name kan u ook nie onthou nie? -- Ek onthou net die twee se name, Rachid en Kgauhelo.

MNR. HANEKOM : Kan u dan nie onthou van waar af Kgauhelo kom nie? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie.

Het net julle ses die vergadering gehou in Khotso House of was daar ander mense teenwoordig? -- Nee, net die ses van ons was daar.

Het u alleen aantekeninge gehou soos vervat is in (20) BEWYSSTUK AT9 van die verrigtinge daar? -- Nee, ons het almal geskryf. Elkeen van ons het aantekeninge gehou.

Wie het besluit op die punte, die eerste vyf punte onder die opskrif "Agenda" op BEWYSSTUK AT9? Wie het besluit op die onderwerpe daar? -- Nee, niemand het dit besluit nie. Dit was almal van ons se voorstelle.

Het u self enige van die punte voorgestel? -- Ek kan nie onthou nie. Dit kan wees dat ek 'n voorstel gemaak het by 'n vergadering, maar ek kan nie onthou spesifiek watter een nie. (30)

Is/...



Is enige van die punte, die eerste vyf punte bespreek by julle vergadering op 18 Januarie 1984? -- Ons het voorstelle gemaak van hierdie punte, maar geen besluit daaroor geneem nie. Soos u self kan sien, ek het probeer om dit uitmekaar te hou, want ek het dit daar duidelik gemaak wat die voorstelle was onder 'n sekere onderwerp.

Het julle groep van ses enige besluite geneem by die vergadering oor die onderwerpe? -- Ons besluit daar was ons maak net voorstelle. Die voorstelle sal oorgedra word aan die organisasies by die vergaderings wat dan daar behandel(10) sal word.

Ek sien in punt 1(c) onder "Leadership training" het u genotuleer "The meeting resolved that the question of leadership training should be dealt with separately as a course." Was daar nie 'n bespreking gevoer oor die "leadership training" nie? -- Nee.

Punt 1(d) sê dat Rachid volmag gekry het om te onderhandel met 'n nuwe komitee wat sou werk aan die "leadership course"? -- Dit was 'n voorstel gewees wat gemaak was dat Rachid moet sien of hy, wat Rachid is, nie 'n komitee kan behartig wat(20) dan te doene sal hê met hierdie "leadership course" se uitvoerings nie.

Is so 'n komitee ooit in die lewe geroep? -- Nee, ek weet nie.

Die Rachid waarna verwys word, wie is hy? -- Ek ken hom as Rachid.

Is hy 'n Indiërman? -- Ja.

Dan onder punt 2 onder die opskrif "Problems facing organisations" sê punt (a) "Suggesting that in the seminar each group should send about five members to that discussion."(30

Na/...

Na watter organisasies word verwys? -- Die verwysing is gemaak na jeugorganisasies.

Is die jeugorganisasies by name genoem? -- Nee.

Watter jeugorganisasies het die komitee in gedagte gehad? -- Op daardie stadium was daar geen melding gemaak van die name van organisasies nie.

HOF : Hoe sou julle die organisasies in die hande kry? -- Daar sou nog 'n ander vergadering gewees het soortgelyk aan hierdie een waar hierdie punte nou breedvoerig bespreek sou geword het. As u kyk op die laaste bladsy van hierdie (10) bewysstuk sal u sien die volgende vergadering word daar aangedui as die 24ste. Dit is die volgende vergadering.

MNR. HANEKOM : Onder punt 4 onder "co-ordination" het u geskryf "Suggested that the questionnaire be drafted for the various groups to discuss." Kan u onthou wie die voorstel gemaak het? -- Nee, ek onthou nie.

Is die inhoud van so 'n voorgestelde vraelys bespreek? -- Dit was 'n voorstel van die vergadering van die 18de, maar dit was nie bespreek watter soort van vraestelle of wat die inhoud van vraestelle gaan wees nie. As u verder (20) onder kyk sal u sien daar is vrae wat gevra was. Ek onthou daardie vrae as voorbeelde. Dit is die vrae wat eintlik voorgestel was as vrae wat vervat kan word in hierdie vraelys.

Is dit bespreek wie die finale vraelys sou opstel en wie verantwoordelik sou wees daarvoor? -- Nee, dit was nie besluit nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K682

SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

MNR. HANEKOM : U Edele, net voor ek met die kruisverhoor (30) voortgaan/...

voortgaan, mag ek met u verlof die foto AAR3 kry sodat mnr. Fick intussen die nuwe merke van die strate daarop aanbring.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Mokoena,

ons is besig met BEWYSSTUK AT9 op bladsy 2 onder punt 4 onder "co-ordination" is daar 'n hofie wat lui "input of developing of the youth groups" en bokant dit staan geskryf "Comrade Marcus." Wat was die punt wat bespreek is oor die inset wat gelewer moes word? Wat was die voorstel oor die inset wat gelewer moes word? -- Die voorstel was dat daar verslag gedoen moet word oor die jeugorganisasies. (10)

Verslag aan u groep van ses of is dit nou iets wat gedoen moet word op die seminaar wat beplan is? -- Die verslag moes gedoen gewees het aan die seminaar.

Waaroor moes die inset of verslag handel? -- Wat gesê was daar was dat 'n verslag gedoen moet word oor die ontwikkeling van die jeugorganisasies, hoe ver hulle gevorder het. HOF : Watter jeugorganisasies? -- Wat byvoorbeeld alreeds geskep is tydens die konferensie of wat besig was om geformuleer te word voor die stigting.

Wie moes dit lewer? Moes Comrade Marcus dit lewer? (20) -- Ja, dit was so voorgestel.

Hoe weet hy nou? Hoe het hy die kennis van al die organisasies? -- Ja, hy is een van die ses by wie ek betrokke was. Dit is dié wat ek alreeds van vergeet het.

So, een van die ses was Marcus? -- Ja.

Die "comrade" gedeelte, wat beteken dit? Is dit maar 'n gewone aanspreekvorm? -- Ek het dit so gehoor. Dit is 'n manier van aanspreek. Ek het dit maar so aanvaar.

Net onder sekere groepe? -- Ek het gehoor dat dit baie gebruik word byvoorbeeld veral by hierdie konferensie (30)

wat/...

wat ek bygewoon het.

MNR. HANEKOM : En by die vergaderings wat by u huis gehou is in verband met die Boipatong Youth Organisation, het hulle ook mekaar as "comrade" aangespreek? -- Nee, ons het nie mekaar as "comrades" aangespreek daar nie.

Kan u nou onthou wat die Marcus se van was? -- Nee, ek kan nie die van onthou nie.

Kan u onthou van waar af hy afkomstig was? -- As ek nog reg onthou was hy van Bosmond af, want hy was 'n Kleurling. Dit hang van my geheue af of ek nog reg onthou. (10)

Vier reëls verder op dieselfde BEWYSSTUK AT9 is 'n vraag wat u sê waarskynlik een van die vrae op die vraelys sou wees "What is understood by co-ordination?" Wat het u verstaan onder koördinasie op daardie stadium? -- Ek het verstaan dat dit beteken kontak tussen organisasies.

Op welke vlak? Sosiale kontak of op 'n samewerkingsvlak? -- Op beide.

En die volgende vraag "How can we practically reach regional co-ordination." Hoe het u op daardie stadium gedink was dit prakties moontlik? -- Wil u weet hoe ek as 'n persoon (20) gedink het was dit prakties moontlik?

Dit is reg? -- Ek het gedink dit is moontlik in die sin dat daar kompetisies gehou word deur die jeug, byvoorbeeld sportkompetisies en "cultural events" se kompetisies ook. Soos byvoorbeeld dans en musiek.

Goed, dit is nou die sosiale kontak waarvan u gepraat het. Wat van koördinasie op werksvlak? -- Dat hulle miskien seminare of konferensies hou.

Die volgende punt welke struktuur, indien enige, daar kon wees om streekskoördinasie moontlik te maak. Wat het (30)

u/...

u gedink watter tipe struktuur moes daarvoor wees? -- Wat ek daar in gedagte gehad het is deur die stigting van 'n komitee te bewerkstellig wat dan sal toesien dat die jeug bymekaar kom en sodoende kontak te behou.

Is hierdie punte wat ons nou geopper het oor die koördinasie enigsins in die groep bespreek op 18 Januarie 1984? -- Dit is wat voorgestel was maar daar was nie besluite daaroor geneem nie, maar dit was wel duidelik gemaak dat by die volgende vergadering wat gehou sal word is waar hierdie voorstelle breedvoerig bespreek gaan word. Dit sou gedoen(10) word deur die organisasies wat bymekaar gaan kom by hierdie seminaar.

Noudat u weer deur BEWYSSTUK AT9 gegaan het, herken u enige van die voorstelle vervat in AT9 wat van u af gekom het? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou of u by die vergadering van 18 Januarie 1984 wel voorstelle gemaak het en u het net vergeet welke of het u geen voorstel gemaak nie? -- Wat ek sê is is dat ek deelgeneem het aan hierdie vergadering deur ook voorstelle te maak, maar ek kan nou nie presies onthou watter een van(20) die voorstelle wat nou hier gemaak was, was deur my gemaak nie.

Wat beteken die inskrywing, die derde reël van onder af "mandate: (a) decisions on every aspect"? Wat beteken dit? -- Dit het beteken dat die lede, dit is die afgevaardigdes van die organisasies, sal 'n mandaat gegee moet word deur die organisasies om besluite te neem op die punte wat ons alreeds begin voorstel het, dat hulle daarop finale besluite kan neem. Dit is tydens die seminare wat gehou word. (30)

Het/...

Het u na 18 Januarie 1984 enige verdere deel gehad in die groep van ses se aktiwiteite? -- Nee.

Waarom nie? -- Dit is omdat in daardie tyd was ek van voorneme om 'n jeugorganisasie te stig in Boipatong en ek het toe gevind dat indien ek nog deel gaan neem aan iets anders behalwe hierdie stigting, sal dit vir my moeilik wees.

Was die jeugorganisasie op daardie stadium nie reeds gestig op 18 Januarie 1984 nie? -- Watter een? Boipatong?

Boipatong Youth Organisation? -- Dit was net na die stigting van die organisasie. (10)

Wat het dan verder so baie van die tyd geveerg? -- Soos ek alreeds gesê het na die stigting van hierdie organisasie was daar 'n komitee gekies wat die grondwet moes opgestel het vir hierdie organisasie.

HOF : Dit is nou Boipatong Youth Organisation? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Het u op 18 Januarie 1984 die res van die groep van ses meegedeel dat u nie verder saam met hulle sal voortgaan in hulle aktiwiteite nie? -- Ja, ek het aan hulle so gesê.

Wanneer het u reeds daardie besluit geneem gehad dat (20) u nie verder sal voortgaan met hierdie groep se aktiwiteite nie? -- Dit was na die konferensie van die 15de toe ek by die huis kom voor die dag van die vergadering van die 18de.

Waarom het u enigsins die moeite gedoen om die vergadering van 18 Januarie 1984 by te woon? -- Die hoofrede was om hulle in kennis te gaan stel dat ek nie verder in staat gaan wees nie. Dit was raadsaam gewees eerder as om hulle net so te los sonder om hulle in te lig wat my standpunt is op daardie oomblik. (30)

Hoekom het u nie reeds na afloop van die konferensie op/...

op 15 Januarie u probleme geskets en gesê u sal nie tyd hê vir die groep se aktiwiteite nie? -- Ek het dit goed gedink en dit oorweeg met my aankoms by die huis.

Hoe het u op 18 Januarie van u huis af by Khotso Huis gekom? -- Van my huis af na Khotso House toe?

Ja, watter vervoer het u gebruik? -- As ek nog reg onthou het ek per trein soontoe gereis.

Het u self daarvoor betaal? Die koste daarvan gedra? -- Ja, ek het self betaal.

U was ook nog werkloos op daardie stadium. Is dit (10) reg? -- Dit was kort nadat ek my tydelike dienslewering opgehou het by Acro Engineering.

Sou dit nie beter en goedkoper vir u gewees het om hulle per brief of telefoon in kennis te stel dat u nie verder aangaan nie? Waarom doen u die moeite om al die pad Johannesburg toe te gaan? -- Omdat ek geweet het dat hulle daar gaan vergader en tweedens het ek nie geweet wat die telefoonnommer is van Khotso House nie.

HOF : Wat is die koste per trein van u huis af na Johannesburg stasie? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie. (20)

Omtrent? -- Ek dink die enkel rit was nie meer as R1,00 nie. Ek kan nie meer so goed onthou nie.

MNR. HANEKOM : Het u na 18 Januarie enige kontak met die groep gehad? -- Nee.

Waarom het u onder aan BEWYSSTUK AT9 Kgauhelo se werks- en huistelefoonnommers neergeskryf? -- Dit was na aanleiding van die voorstel dat dit gesê was, die enigste persoon met wie n mens in verbinding kan tree aangaande die voorbereidings vir die komende vergadering, is Kgauhelo. Onder daardie omstandighede het ek toe hierdie besonderhede gekry. (30)

U/...

U het toe nie meer belang gestel om met hom in verbinding te tree nie en u het ook u voorneme bekend gemaak al op daardie stadium? -- Al hierdie dinge wat ek na verwys het plaasgevind tydens die hou van hierdie vergadering. So, ek het geen fout gesien met die aantekening van dit wat ek hierop geskryf het nie. Al het ek alreeds besluit dat ek nie meer deel gaan neem aan die aktiwiteite van die ses nie.

Net een vraag oor die Wilgerspruit konferensie. Het u gevoel na daardie konferensie dat dit 'n leersame konferensie was en dat u die inligting wat u daar gekry het (10) nuttig kan gebruik in die Boipatong Youth Organisation wat besig was om te ontstaan? -- Nie dat ek dit in die stigting van Boipatong se jeug sou gebruik het nie, maar in die algemeen het ek kennis geneem van baie dinge by hierdie konferensie. Dit beteken dus dat die kennis wat ek daar opgedoen het, indien dit nodig was, sou ek dit nie verberg het nie. Ek sou gebruik daarvan gemaak het indien dit nodig geword het waar ook al om dit te gebruik.

Met die vergadering van die interim komitee van die Boipatong Youth organisation by u huis op 21 Januarie 1984, (20) het u vir die mense daar ingelig van die konferensie van Wilgerspruit? -- Nee. Dit is nie daar bespreek nie.

Het jy enigsins daar gemeld dat jy die konferensie bygewoon het in Wilgerspruit? -- Nie in hierdie vergadering nie. Ek kan nie onthou of ek miskien dit vir mense op ander plekke gesê het nie, maar behalwe by hierdie vergadering.

Het jy by die interim komitee vergadering op 21 Januarie 1984 melding gemaak van die beoogde seminar op 4 Februarie 1984 wat bespreek is op 18 Januarie 1984 in Khotso House? -- Nee, ek kan nie onthou nie. (30)

Hoekom/...



Hoekom nie? Was dit nie dinge van belang op daardie stadium, van baie belang in julle nuwe organisasie nie? -- Nee, wat van belang was by daardie stadium met hierdie organisasie was die opstel van die grondwet om te kan sien hoe hierdie organisasie sal werk? -- Wat wel bespreek was by hierdie vergadering is die brief wat ek geskryf het aan die AME se kerk met die oog daarop om 'n vergaderplek te kry.

Net om 'n onduidelikheid op te klaar. Op 21 Januarie 1984 wat was die status van die komitee van Boipatong Youth (10) Organisation. Ek het dit genoem 'n interim komitee. Was dit 'n interim komitee op daardie stadium of 'n volwaardige komitee? -- Nee, dit was nog steeds 'n interim komitee.

HOF : Interim in afwagting van 'n grondwet? -- Ja, dit is so. Ons was eintlik van voorneme om 'n grondwet op te stel.

MNR. HANEKOM : Kyk asseblief na BEWYSSTUK AT10. Dit is die brief waarvan u nou net gepraat het wat u geskryf het aan die AME kerk in Boipatong. -- Dit is so, ja.

Wanneer het u die brief geskryf? -- Op 21 Januarie 1984.

Voor die komiteevergadering of daarna? -- Hierdie brief(20) is in daardie vergadering bespreek. Na die besprekings uitgevoer was by hierdie vergadering met die komitee, het ek toe die brief geskryf.

Stem u saam dat uit BEWYSSTUK AT10 blyk dit dat die Boipatong Youth Organisation al volledig aan die funksioneer was op 21 Januarie 1984? -- Ek het hier verduidelik dat hierdie organisasie gestig was en daar was toe 'n interim komitee gekies.

My stelling aan u is, op 21 Januarie 1984 het die organisasie al soos 'n volwaardige organisasie gefunksioneer.(30)

Ja/...

-- Ja, ek stem saam met u dat dit volledig gewerk het, maar onder die leierskap van die interim komitee.

Die bestuur van die komitee was reeds gekies?

HOF : Die komitee het nie 'n bestuur nie. Die komitee is die bestuur.

MNR. HANEKOM : Ek is jammer. Ek laat vaar die vraag. In u hoofgetuienis het u getuig dat die doel van BEWYSSTUK AT10 was om aansoek te doen by verskillende kerke om verlof te vra om daar te vergader. AT10 is net 'n voorbeeld van een so 'n aansoek. Is dit reg? -- Nee, ek het aan verskillende (10) kerke geskryf. Dutch Reform en Presbyterian.

Ek het u hoofgetuienis verstaan dat die doel ook was dat u 'n vergaderplek gesoek het vir 'n stigtingsvergadering van die Boipatong Youth Organisation? -- Daarby het ek bedoel waar die "executive" komitee van hierdie organisasie gekies gaan word.

HOF : Dit is nie vir 'n "launch" soos julle dit ken nie? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Was die bedoeling om 'n vergaderplek net vir 'n eenmalige geleentheid te kry? -- Nee, daar was ander redes (20) gewees, soos vervat in die brief.

Nee, die vraag is, wou julle dit net een maal gebruik? Dit is hoe ek u hoofgetuienis verstaan het dat julle op 21 Januarie 1984 besluit het julle moet 'n plek kry om te vergader om die komitee te kies? -- Ja, dit is een van die redes wat ek genoem het as die eerste rede. Andersins was daar nog redes gewees om te volg.

In u hoofgetuienis het u net die een rede genoem. Wat is die ander redes? -- Dit was in hierdie brief vervat word.

Die inhoud van die brief wat sê vir welke doel julle (30)

die/...

die vergaderplek benodig, was dit bespreek op 21 Januarie 1984? -- Ja, dit is so.

Wat se gemeenskapsprojekte het julle op daardie stadium in gedagte gehad soos vervat in paragraaf 1 van AT10? -- Dit was byvoorbeeld iets soos self-help projekte. Dit is wat ons in gedagte gehad het.

HOF : Gee vir my 'n voorbeeld? -- Ek het byvoorbeeld kennis gemaak met 'n projek van opsit van plafonne.

MNR. HANEKOM : Het u op daardie stadium al enige seminare in gedagte gehad wat aangebied sou word deur die Boipatong(10) Youth Organisation? -- Ek volg nie die vraag nie.

Het u op 21 Januarie 1984 al in gedagte gehad om seminare aan te bied? -- Dit is dinge waaraan ons gedink het vir die toekoms indien dit nodig word.

Is dit bespreek op 21 Januarie 1984? -- Ja, dit is so.

Welke seminare het u in gedagte gehad? -- Dit was 'n seminaar waar ons in gedagte gehad het waar die jeug inligting gegee kan word hoe om die organisasies te handel of hoe om te handel in die organisasies.

Ek is bevrees ek verstaan dit nie. Kan u uitbrei (20) daarop? -- Dit is seminare wat ons in gedagte gehad het waar die jeug opgelei sou word wat om te verwag wat gedoen moet word deur die sekretaris byvoorbeeld van 'n organisasie.

Wat nog? -- Waar die jeug op die jeug se "culture" opgelei kan word. Of waar die jeug hulleself kan oplei aangaande die godsdienste.

Is dit net hierdie velde, kultuur en godsdiens? -- Ja, dit is so.

Wat van die politieke rigting wat bespreek is op die Wilgerspruit konferensie? -- Wat ek kan sê is, dit sou (30)

afgehang/...

afgehang het van die organisasie, wat die organisasie besluit omtrent daardie punt.

Maar ek vra vir u van u organisasie, die Boipatong Youth Organisation? -- Dit is nie 'n punt wat bespreek was daar nie.

Wat is bespreek oor die program op bladsy 2 van BEWYSSTUK AT10?

HOF : Voor u oorgaan na bladsy 2 toe, wil ek 'n vraag vra oor bladsy 1 van AT10. Hierdie "students" wat u noem in punt 2, is dit skoliere? -- Ja, dit is so. (10)

So, u het voorsien 'n noue skakeling tussen die jeug-organisasie van uself en die studente-vereniging? Dit wil sê die skolierevereniging?

MR BIZOS : Your Lordship with respect has read the word "student" to "student union" or "student organisation" which does not appear there.

HOF : Het u voorsien noue skakeling tussen skolierorganisasies en jeugorganisasies? -- Nee, hier het ek gepraat van die jeug wat lede is van die jeugorganisasie terwyl hulle nog op skool is. (20)

So, die Boipatong Youth Organisation se lede het gestrek van skoolgaande jeug tot nie-skoolgaande jeug nie? -- Ek sal so sê ja, want ons het nog nie besluit oor die skoolgaande jeug wat van hulle moet word nie, maar destyds was ons belang gewees by die jeug wat nie meer op skool was nie en terselfdertyd werkloos.

MR BIZOS : I am sorry but I must draw attention to paragraph 2. It does not speak of membership of organisations. It distinguishes between youth and students and it does not say that they must become members, but there must be (30)

effective/...

effective communication and inter relationships. It does not mean that they should become members.

MNR. HANEKOM : Wat het u bedoel met die sinsnede wat mnr. Bizos nou net gelees het toe u hierdie brief geskryf het? Wat het u bedoel met die oogmerk "of developing effective communication and inter relationship among the local youth"? -- Met die woorde het ek bedoel dat daar aanmoediging moet wees tussen die jeug, dat daar goeie verwantskap moet bestaan tussen die jeug.

Het u in gedagte gehad om hierdie goeie kommunikasie(10) te bewerkstellig tussen COSAS en die Boipatong Youth Organisation? -- Nee, dit is nie wat in my gedagte gekom het nie.

Het COSAS nooit in u gedagte gekom toe u gewerk het met die Boipatong Youth Organisation en die stigting daarvan nie? -- Ek het daarvan geweet dat COSAS 'n organisasie is vir skoolgaande kinders.

Dit antwoord nie die vraag nie. -- Dan beteken dit dat ek nie die vraag verstaan nie.

Het u nooit voorsien terwyl u besig was met die stigting BOYO en nadat dit gestig is dat daar samewerking sal wees(20) tussen BOYO en COSAS nie? En veral toe u paragraaf 2 van BEWYSSTUK AT10 geskryf het? -- Nee.

Het COSAS ooit ter sprake gekom in enige van die beplannings wat BOYO hom mee besig gehou het oor sy aktiwiteite? -- Ja, dit is so.

Ek sien u het BEWYSSTUK AT10 omgeblaai en daar gelees. Wat is daar? -- Dit is terwyl ons nou oorweeg het om hierdie vergadering te hou soos uiteengesit met die opstel van die program wat ek na gekyk het, dat ons oorweeg het om 'n spreker van COSAS te nooi. (30)

Maar/...

Maar dan was COSAS mos deel van die bespreking op 21 Januarie 1984? Hoe verduidelik u dan u vorige antwoord en ook paragraaf 7 op bladsy 2 van BEWYSSTUK AT10 waar u skryf "COSAS speaker"? -- My verduideliking daaromtrent is dat die twee dokumente voor my is nie saam nie. Dit is twee onderwerpe wat apart bespreek was. Dit is nie gesamentlik bespreek nie.

HOF : Op dieselfde vergadering of op aparte vergaderings? -- In dieselfde vergadering.

MNR. HANEKOM : Die vraag was spesifiek gestel oor die (10) vergadering van 21 Januarie 1984? -- Ja, maar u vraag was bepaal op hierdie paragraaf waarop ek 'n antwoord gegee het.

Nou goed, die oorkonde sal wys. Wat was dan die belang daarvan om 'n COSAS spreker te kry soos aangestip in paragraaf 7 op bladsy 2 van AT10? -- Die persoon wat voorgestel het dat daar 'n COSAS spreker moet wees, het die volgende gesê, dat hy dit voorstel omdat die spreker nou sal moet verduidelik wat COSAS se beleid is. Dit was in daardie sin dat dit so genoem was. Met ander woorde, die persoon moes die jeug daar kom toespreek het in die algemeen aangaande COSAS. (20)

Maar COSAS sou seker in hulle eie vergadering die jeug toegespreek het oor waarvoor dit staan? Waarom moes julle 'n COSAS spreker organiseer in julle vergadering? -- Ons het dit nodig gevind dat COSAS teenwoordig moet wees om die jeug te kom toespreek wat alreeds die skool verlaat het. Wat ek daarby bedoel, COSAS moet die mense of die jeug kom toespreek wat alreeds die skool verlaat het tesame met die jeug wat nog steeds op skool is.

Waaroor? Waaroor moet hulle die mense toespreek? -- Nee, al wat ek onthou is dit is hoe dit voorgestel was. (30)

Daar/...

Daar was geen ander rede na dit wat gemeld was nie. Ons het ook nie daarvoor gestry nie.

Wel, u het getuig dat dit bespreek was? Dit was spesifiek bespreek, dit was nie net voorgestel nie? Dit was op die vergadering bespreek dat julle 'n COSAS spreker wou hê? -- Ek verstaan die bespreking as dat as daar 'n persoon is wat 'n voorstel maak van 'n spreker van COSAS en sy redes aanvoer hoekom dit nodig is, neem ek aan dit is 'n bespreking.

Vir wanneer is die vergadering waarvan die program hier verskyn op bladsy 2 van AT10 beplan? -- Ons het nog nie (10) 'n finale besluit geneem nie, want dit was net na ons aansoek gedoen het vir 'n vergaderplek. Dus was dit nodig vir ons om te wag tot tyd en wyl ons 'n antwoord kry wie bereid was om vir ons 'n vergaderplek te gee. Dan sou ons besluit het watter dag die vergadering gehou gaan word.

Wat was die doel van so 'n vergadering? Waarom wou julle die vergadering belê? -- Die eerste punt was die verkiesing van die "executive committee". Verder sou ons gegaan het volgens hierdie program soos uiteengesit daar. Ons sou mense gevra het om deel te neem volgens die program. (20)

MR BIZOS : Wat sal u sê as dit beweer word dat hierdie program 'n politieke program is tot 'n groot mate? -- Ek volg nie die stelling nie, wat u daarby bedoel nie.

Ek sal u sê wat geargumenteer kan word. Dit is dat hierdie toespraak op opvoeding van mnr. Curtis Nkondo is ook 'n toespraak wat hy gelewer het by die stigtingsvergadering, as ek reg onthou, van die VCA? As 'n mens nou net beoordeel na die titel en nie na die inhoud nie. En dat die UDF spreker waarskynlik 'n politieke aangeleentheid sou aanraak en dat die "Formation of SRC's" 'n taamlik politieke aangeleentheid (30)

was/...

was. As dit alles geargumenteer sou word, wat sou u antwoord wees? -- Ek sal sê nee.

Wil u uitbrei?

MR BIZOS : May I draw attention to the fact that Mr Curtis Nkondo's speech is not a speech which is referred to as similar to the one at the launch of the VCA, but is specifically referred to as a speech on education.

COURT : Yes, that was put. Wil u uitbrei op die antwoord? -- Hoekom ek sê nee, ek weet nie van die toespraak wat mnr. Nkondo gelewer het met die stigting van die VCA nie. Ek (10) kan dus nie sê wat hy hier sou kom sê het nie. Ek weet nie. Die spreker van die UDF sou net daar opgetree het met die oog daarop om te verduidelik wat UDF is en wat is eintlik die doen en late van die organisasie UDF. Dit sou die spreker aan die jeug van Boipatong verduidelik het. Wat die SRC betref, neem ek aan as h organisasie van skoolkinders wat eintlik in die probleme van die skoolkinders moet in sien. Dit is die probleme plaaslik by daardie skool wat aandag moet geniet.

Hierdie Thafeni, is dit dieselfde persoon wat saam (20) met u na Wilgerspruit toe is? -- Ja, dit is hy.

Is dit ook dieselfde persoon wat geskors is uit die skool en waaroor u die brief geskryf het? -- Dit is die persoon.

So, hy was basies nog h skoolgaande kind? Bedoel u nou toe ons vergader het op die 21ste?

Ja? -- Ja, hy was nog op skool gewees.

In die plaaslike hoërskool? -- Ja, Lebohang.

En sy voornaam is? -- Vuyisile.

En sy bynaam is? -- Nee, hy is net bekend as Vuyisile. (30)

MNR. HANEKOM/...



MNR. HANEKOM : Was Thafeni 'n lid van COSAS? -- Ek weet nie.

U het immers die brief geskryf wat aanleiding gegee het tot sy skorsing. Het u nie uitgevind meer van die man nie? Hy was ook saam met u Wilgerspruit toe? -- Nee, hy was net aan my bekend as Bophelong Youth Association.

HOF : Dit is AN9, nê, die brief wat ons met u behandel het? -- Ek hoop dit is.

Kyk asseblief. Ons wil nie foute maak nie? -- Ja, dit is die brief.

MNR. HANEKOM : Hoe het die vergadering besluit op 21 (10) Januarie oor die verskillende sprekers? -- Hierdie vergadering het besluit dat sodra ons 'n vergaderplek toegeken word deur die mense by wie ons gevra het vir toestemming om hulle plekke te gebruik as vergaderplekke, sal hierdie sprekers dan genader word aangaande die deelname op hierdie vergadering wat gehou gaan word.

Die vraag is hoe het julle op die spesifieke sprekers besluit? Het een persoon oor al die sprekers besluit of wat was die posisie? -- Dit was voorstelle van verskillende lede van die komitee waarop ooreenstemming was op die (20) voorstelle.

Wie het Curtis Nkondo voorgestel as 'n spreker? -- Ek kan nie meer so goed onthou wie die persoon is wat Curtis Nkondo se naam voorgestel het nie.

Het die persoon wat hom voorgestel het gemotiveer hoekom hy hom voorstel? -- Ja, daardie persoon het gesê volgens die persoon wat hom voorstel se kennis het Nkondo 'n goeie kennis bekom aangaande onderwys.

Net onderwys of Swartonderwys? -- Van onderwys.

Het u self geweet van - vir Curtis Nkondo geken op (30)

daardie/...

daardie stadium? -- Ek het net van hom gehoor dat daar so 'n persoon is.

MR BIZOS : There is one matter that I want to draw Your Lordship's attention to. Your Lordship might have noticed or may notice in the near future that accused no. 19 keeps his leg in a position which is not generally speaking acceptable in a court.

COURT : I cannot see his leg at the moment.

MR BIZOS : He has to lift it up in front of him on the advice of the district surgeon. He does that from time to time (10) and he wrote me a note that he is concerned that Your Lordship should not think that it is intended to ... (Court intervenes)

COURT : We will note on the record that he is showing his leg.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 12 MEI 1987.